# ‘N ONDERSOEK NA DIE VERBAND TUSSEN PERSOONLIKHEIDSTIPES EN ’N SIN VIR KOHERENSIE

deur

**RENATA FOURIE**

**voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad**

**MAGISTER ARTIUM**

**in die vak**

**BEDRYFSIELKUNDE**

**aan die**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: PROF P J VISSER**

**JUNIE 2000**

# ERKENNING

Ek wil graag my opregte dank uitspreek aan die volgende persone en instansies vir hul onderskeie bydraes om die navorsingsprojek moontlik te maak:

- Professor Johan Visser, my promotor, vir sy leiding, begrip en aanmoediging.

- Mevrou Jordaan van die Departement van Statistiek by UNISA vir haar bydrae met die statistiese verwerkings.

- Absa Bank vir finansiële ondersteuning en die geleentheid om myself te ontwikkel. Ook aan al die bestuurders wat gedurende 'n moeilike tyd die vraelyste voltooi en teruggestuur het.

- My man Johann, vir sy eindelose geduld en liefde gedurende die verloop van my studies en die begrip wanneer ek frustrasies ervaar en hom as klankbord gebruik het.

- My Skepper wat immer teenwoordig is en my telkens voorsien van alles wat ek nodig het.

# OPSOMMING

Die doel van hierdie studie was om die verwantskap tussen persoonlikheidstipes en 'n salutogeniese konstruk naamlik sin vir koherensie te ondersoek. Persoonlikheid is vanuit 'n behavioristiese sowel as humanistiese paradigma ondersoek en sin vir koherensie vanuit 'n salutogeniese paradigma.

Die studie is uitgevoer onder middelvlak bestuurders in 'n finansiële instelling waarvan die totale populasie in 'n gegewe geografiese gebied betrek is. Twee meetinstrumente, naamlik die lewensoriëntasievraelys (OLQ) en die Myers-Briggs tipe indikator (MBTI) is gebruik op die populasie van 57 bestuurders. Pearson produkmoment-korrelasiekoëffisiënte is bereken en 'n variansie-ontleding is gedoen.

Die resultate van hierdie studie toon dat daar nie 'n beduidende verband is tussen persoonlikheidstipes en sin vir koherensie nie. Die aanname word gemaak dat 'n verwantskap tussen die twee konstrukte moontlik gevind kan word indien 'n meer geografies verspreide en heterogene proefgroep gebruik word waarin al die persoonlikheidstipes verteenwoordig is.

**Sleutelterme:** Persoonlikheid, persoonlikheidstipes, optimaliteit, salutogenese, sin vir koherensie, hantering, Myers-Briggs tipe indikator, salutogeniese persoonlikheidskenmerke.

# SUMMARY

The purpose of this study was to investigate the relationship between personality types and a salutogenic construct, namely sense of coherence. Personality has been investigated from a behaviouristic as well as a humanistic paradigm and sense of coherence from a salutogenic paradigm.

This study has been done on persons on middle management level in a financial institution of which the total population has been approached in a given geographical area. Two measuring instruments, namely the Orientation To Life Questionnaire (OLQ) and the Myers-Briggs Type Indicator (MBTI) have been used on the population of 57 managers. Pearson product moment correlation coefficient has been calculated and a variation analysis has been done.

The results of this study show that there is no significant relation between personality types and sense of coherence. It is supposed that a relationship between the two constructs might be found if a more heterogenic and geographically spread experimental group is used in such a way that all the personality types are represented.

**Key terms:** Personality, personality types, optimality, salutogenesis, sense of coherence, Myers-Briggs Type Indicator, salutogenic personality characteristics.

155.2 FOUR

0001764736

# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

**HOOFSTUK 1 INLEIDING**

1.1 **AGTERGROND EN MOTIVERING** 1
1.2 **PROBLEEMSTELLING** 6
1.3 **DOELSTELLING** 7
1.3.1 Algemene doelstelling 7
1.3.2 Spesifieke doelstelling 7
1.4 **PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF** 8
1.4.1 Metateoretiese aannames 8
1.4.2 Toepaslike teoretiese modelle 14
1.4.3 Navorsingsontwerp / Metodologiese aannames 15
1.4.3.1 Tipes navorsing 15
1.5 **NAVORSINGSPROSES** 18
1.5.1 Fase 1 : Literatuurstudie 18
1.5.2 Fase 2 : Empiriese ondersoek 18
1.6 **HOOFSTUKINDELING** 18
1.7 **HOOFSTUKSAMEVATTING** 19

**HOOFSTUK 2 PERSOONLIKHEID**

2.1 **PERSOONLIKHEIDSTEORIEë: 'n SISTEMATIESE OORSIG** 21
2.1.1 Die Behavioristiese- of leerteorieë 22
2.1.2 Dimensionele teorieë 22
2.1.3 Humanistiese teorieë 23
2.1.4 Dieptepsigologiese teorieë 24
2.2 **DIE PERSOONLIKHEIDSTEORIE VAN CARL JUNG** 24
2.2.1 Die struktuur van persoonlikheid 25
2.2.1.1 Die ego 25
2.2.1.2 Die persoonlike onbewuste 25
2.2.1.3 Die kollektiewe onbewuste 26
2.2.2 Die dinamika van persoonlikheid 26
2.2.2.1 Psigiese energie 27
2.2.2.2 Die beginsel van teenoorgesteldes 27
2.2.2.3 Die beginsels van ekwivalensie en entropie 28
2.2.3 Ontwikkeling van persoonlikheid 28
2.2.3.1 Selfaktualisering 29
2.2.3.2 Stadia van ontwikkeling 29
2.3 **TREK EN TIPE TEORIEë** 32
2.4 **JUNG SE TEORIE VAN TIPES** 33
2.4.1 Houdings 34
2.4.2 Funksies 35
2.4.3 Persoonlikheidstipes 37
2.5 **'n VERLENGING VAN JUNG SE TIPE TEORIE** 39
2.5.1 Die vier bipolêre voorkeure 41

2.5.2 Die sestien persoonlikheidstipes 42
2.6 **HOOFSTUKSAMEVATTING** 43

## HOOFSTUK 3 SALUTOGENESE

3.1 **'n NUWE BENADERING TOT GESONDHEIDSIELKUNDE** 44
3.2 **DIE SALUTOGENIESE PARADIGMA** 46
3.3 **SALUTOGENIESE KONSTRUKTE** 48
3.3.1 Persoonlikheidsgehardheid 49
3.3.2 Mag of potensie 51
3.3.3 Stamina 51
3.3.4 Aangeleerde vindingrykheid / Vernuftigheid 52
3.3.5 Sutton en Kahn 53
3.3.6 Schuler 53
3.3.7 Sin vir koherensie 54
3.3.7.1 Begripsomskrywing 54
3.3.7.2 Dimensies van koherensiebelewing 55
3.3.7.3 Algemene weerstandshulpbronne 56
3.4 **SALUTOGENIESE PERSOONLIKHEIDSKENMERKE** 59
3.4.1 Intrapersoonlike eienskappe 60
3.4.2 Interpersoonlike eienskappe 61
3.5 **HOOFSTUKSAMEVATTING** 62

## HOOFSTUK 4 EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 **DOELSTELLING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING** 63
4.2 **POPULASIE EN STEEKPROEF** 64
4.3 **MEETINSTRUMENTE** 66
4.3.1 Lewensoriëntasievraelys (OLQ) 66
4.3.1.1 Die ontwikkeling en rasionaal van die OLQ 67
4.3.1.2 Beskrywing van die OLQ 67
4.3.1.3 Afname en nasienprosedure 68
4.3.1.4 Interpretasie van die OLQ 68
4.3.1.5 Betroubaarheid en geldigheid van die OLQ 69
4.3.2 Myers-Briggs type indicator (MBTI) 70
4.3.2.1 Die ontwikkeling en rasionaal van die MBTI 70
4.3.2.2 Beskrywing van die MBTI 71
4.3.2.3 Afname en nasienprosedure 71
4.3.2.4 Interpretasie van die MBTI 72
4.3.2.5 Betroubaarheid en geldigheid van die MBTI 72
4.4 **ADMINISTRASIE VAN DIE METINGSBATTERY** 78
4.5 **STATISTIESE VERWERKING VAN DATA** 78
4.5.1 Beskrywende statistiek 79
4.5.2 Variansie-ontleding 79
4.5.3 Pearson produkmoment-korrelasiekoëffisiënt 79
4.6 **HOOFSTUKSAMEVATTING** 80

## HOOFSTUK 5 RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | **BESKRYWENDE STATISTIEK** | 81 |
| 5.1.1 | Persoonlikheidstipes | 81 |
| 5.1.2 | Sin vir koherensie | 84 |
| 5.2 | **DIE VERBAND TUSSEN DIE TWEE KONSTRUKTE** | 85 |
| 5.2.1 | Die verband tussen persoonlikheidstipes en sin vir koherensie | 85 |
| 5.2.2 | Die verwantskap tussen die MBTI subskale en sin vir koherensie | 86 |
| 5.3 | **GEVOLGTREKKINGS** | 89 |
| 5.4 | **TEKORTKOMINGE** | 91 |
| 5.5 | **AANBEVELINGS** | 91 |
| 5.6 | **HOOFSTUKSAMEVATTING** | 92 |
| 6. | **BRONNELYS** | 93 |


## LYS VAN TABELLE


| | | |
|---|---|---|
| Tabel 2.1 | Die sestien persoonlikheidstipes | 43 |
| Tabel 4.1 | Proefgroepsamestelling in terme van geslag | 64 |
| Tabel 4.2 | Proefgroepsamestelling in terme van taal | 65 |
| Tabel 4.3 | Proefgroepsamestelling in terme van postitel | 65 |
| Tabel 4.3a | Poste beklee voor die herstrukturering | 65 |
| Tabel 4.3b | Poste beklee na die herstruktuering | 65 |
| Tabel 5.1 | Persoonlikheidstipes soos verteenwoordig in die steekproef | 81 |
| Tabel 5.2 | Frekwensie van die individuele dimensies | 83 |
| Tabel 5.3 | Statistiese beskrywing van die sin vir koherensie | 84 |
| Tabel 5.4 | Die verband tussen die introversie-ekstroversie skaal en 'n sin vir koherensie | 86 |
| Tabel 5.5 | Die verband tussen die aanvoeling-intuïsie skaal en 'n sin vir koherensie | 86 |
| Tabel 5.6 | Die verband tussen die gevoel-denke skaal en 'n sin vir koherensie | 86 |
| Tabel 5.7 | Die verband tussen die beoordeling-waarneming skaal en 'n sin vir koherensie | 87 |

# HOOFSTUK 1 INLEIDING

Hierdie ondersoek handel oor die moontlike verwantskap tussen persoonlikheidstipes en 'n salutogeniese konstruk naamlik sin vir koherensie.

## 1.1 AGTERGROND TOT EN MOTIVERING VAN DIE ONDERSOEK

Suid-Afrika is die afgelope paar jaar gekonfronteer met hewige veranderinge op politieke, ekonomiese, sosiale en tegnologiese terreine. Die effek van hierdie veranderinge sluit onder meer sosio-politieke onrus, fluktuerende ekonomiese neigings, toenemende misdaad en 'n onbeduidende ekonomiese groeikoers in. Organisasies en maatskappye was dan ook genoodsaak om drastiese veranderinge en/of herstrukturerings aan te bring in 'n poging om winsgewend te bly.

Ten spyte daarvan dat verandering geïmplementeer word in organisasies ter wille van oorlewing (Puth, 1994:125), is dit in die meeste gevalle 'n besluit wat van topbestuur afgewentel word na laer vlakke. 'n Voorbeeld van een van die mees omvangryke veranderings- en transformasieprosesse in Suid-Afrika was die ontstaan van ABSA Bank in 1992. ABSA Bank het ontstaan na 'n amalgamasie tussen vier Suid-Afrikaanse handelsbanke naamlik Allied Bank, Trustbank, United Bank en Volkskas Bank om die grootste bankgroep in Suid-Afrika te vorm. Die uitvoerende bestuur van die groep het op daardie stadium besluit om vir strategiese redes die onderskeie handelsname (Allied, Trustbank, United en Volkskas) behoue te laat bly.

ABSA Bank het na afloop van die amalgamasie ingrypende en verreikende veranderingstrategieë geïmplementeer om die bankgroep strategies te herposisioneer in die nasionale sowel as internasionale markte. Hierdie veranderings het veral op die volgende areas gevestig:

- Stroombelyning van bedryfsprosedures
- Nuwe diensleweringstrategieë
- Herstrukturering van besigheidsprosedures

- Stroombelyning van kredietbestuursprosesse
- Herstrukturering vir verkope
- Hertoewysing van menslike hulpbronne

Gedurende 1998 is besluit om die handelsname te laat wegval en slegs as ABSA Bank handel te dryf. Hierdie besluit het teweeg gebring dat daar grootskaalse samesmelting van takkantore plaasgevind het met 'n gepaardgaande vermindering van poste. 'n Voorbeeld hiervan is dat daar byvoorbeeld voorheen 4 takkantore van die verskillende handelsname in 'n bepaalde handelsgebied was met volledige strukture wat dan onder andere ook 4 takbestuurders sou insluit. Die gevolg hiervan was dat die aantal takbestuursposte nie alleen drasties verminder het nie maar dat daar ook sterk mededinging was uit die surplus takbestuurders van ander handelsgebiede vir takbestuursposte. Hierdie mededinging het toegeneem namate al hoe laer afbeweeg is in die posgroepe aangesien takbestuurders nou ook as potensiële kandidate gesien is vir die laer posgroepe.

Gedurende hierdie veranderingstydperk en die onsekerheid wat daarmee gepaard gegaan het, het dit duidelik na vore gekom dat personeel wat aan dieselfde veranderings blootgestel was verskillend daarop reageer. Dit het voorgekom of sommige individue oor inherente hanteringsvaardighede beskik wat hulle help om die eise van die verandering te hanteer, terwyl ander nie daaroor beskik nie (Ashford 1988:20). Sommige mense reageer met weerstand, woede, angs, hartseer, verwarring, en kommer, terwyl ander maklik aanpas by die verandering (Lupton, 1986:55). Dit lyk selfs of sommige mense beter onder stres funksioneer as daarsonder, of dat stres 'n vereiste vir optimale funksionering is. Die gedagterigting het aanleiding gegee tot navorsers se soeke na meganismes wat die mens help om stres te hanteer. So het konsepte soos Antonovsky (1987) se sin vir koherensie, Kobasa (1979) se persoonlikheidsgehardheid, Rosenbaum (1988) se aangeleerde vindingrykheid, Thomas (1980) en Colerick (1985) se stamina, en ook Ben-Sira (1985) se potensie die lig gesien. Hierdie konsepte vind neerslag in die salutogeniese paradigma wat gesonde funksionering beklemtoon. Navorsing oor hierdie konsepte of persoonlikheidskenmerke as buffer teen stres en siekte word egter nie vanuit dieselfde teoretiese modelle gekonseptualiseer nie. Kobasa (1979)

se konstruk gehardheid word byvoorbeeld op die eksistensiële sielkunde gegrond, terwyl aangeleerde vindingrykheid weer op die sosiaal-kognitiewe teorieë gegrond is.

Ten spyte van hierdie verskille in die teoretiese benaderings wil dit voorkom of daar moontlik ooreenstemming tussen hierdie konstrukte is. Alhoewel Antonovsky (1987) en Strümpfer (1990) hierdie konstrukte geïdentifiseer het as behorende tot die salutogeniese paradigma, is dit nog nie ondersoek nie. Dit is dus nog nie duidelik in welke mate hierdie konstrukte na dieselfde of verskillende aspekte van persepsie, kognisie, ervaring, gedrag, houdings of hanteringswyses verwys nie. Dit is ook nie duidelik of salutogenese 'n enkele konstruk verteenwoordig en of dit bestaan uit verskeie dimensies nie. Daar behoort ook klaarheid verkry te word oor die mate waarin die verskillende konstrukte tot 'n "gesondheidsgeneigde" persoonlikheidstipe bydra (Breed, 1997:3).

Jung (1969, 1971) definieer persoonlikheidstipes as patrone wat gevorm word op grond van die individu se voorkeur om op 'n sekere manier waarnemings te doen en dan 'n oordeel te vorm.

Die vraag het dus ontstaan of persoonlikheid 'n rol speel daarin om te bepaal of 'n persoon oor hierdie hanteringsvaardighede gaan beskik al dan nie. Navorsing deur bogenoemde outeurs het oor die algemeen betekenisvolle resultate getoon en daarvolgens kan binne die salutogenese aanvaar word dat mense wat bogenoemde konsepte as deel van hul persoonlikheidsamestelling het, na optimaliteit sal neig.

Volgens Folkman & Lazarus (1980:221) is die meting van persoonlikheidstrekke swak voorspellers van die hanteringsproses. In hulle navorsing het hulle gevind dat hanteringspatrone nie in 'n groot mate bepaal word deur persoonsfaktore nie. Folkman et al (1986:571) dui ook aan dat daar weinig getuienis bestaan dat persoonlikheidseienskappe die hanteringsproses beïnvloed.

Amirkhan (1994:13-29) het bevind dat persoonverwante voorspellers vir hantering oor die afgelope 20 jaar minder suksesvol was, met slegs sporadies betekenisvolle

verhoudings wat gevind is tussen persoonlikheidseienskappe en hanteringsgedrag. Sy navorsing stel egter voor dat 'n groot aantal van die hanteerders wel 'n voorkeur hanteringstrategie het en dat veranderlikes wat gekoppel word aan die persoonlikheidseienskappe sal bepaal wat die aard van die hanteringshulpbronne gaan wees. Steward (1983:97) stel ook voor dat sekere mense beter toegerus is om verandering te hanteer as ander. Pearlin en Schooler (1978:5) beweer dat persoonlike hanteringshulpbronne essensieel is in die vermindering van die effek van stres en verwys na "the personality characteristics that people draw upon to help them withstand threats".

Fleishman (1984:231-240) veronderstel dat dit meer redelik is om te aanvaar dat verskeie karakteristieke saamwerk om die hanteringsrespons te beïnvloed en dat sekere persoonlikheidskarakteristieke verwant mag wees aan sekere tipes hantering maar nie aan ander nie. Volgens Wheaton (1983:211) sal persoonlikheid waarskynlik die uitkoms van hantering beïnvloed via die gevolge vir sekere breë neigings in hanteringsgedrag.

Samevattend kan gesê word dat daar wel aanduidings is vir 'n positiewe verhouding tussen persoonlikheidseienskappe en hanteringsgedrag. Die aanduiding van 'n positiewe verhouding tussen persoonlikheid en hantering regverdig verdere navorsing in die verband.

Volgens Antonovsky en Sagy (1986:215) is 'n toepassingsmoontlikheid van die sin vir koherensie die konseptualisering daarvan as 'n hanteringsmeganisme. Dit word gekenmerk deur die ingesteldheid om die lewe te sien as voorspelbaar en hanteerbaar, dit wil sê suksesvolle hantering, oftewel gedragsimmunologie. Die praktiese implikasie hiervan is dat die mens met 'n sterk sin vir koherensie die lewe met al sy stressors as 'n uitdaging beskou en probeer om die beste te maak van alle positiewe of negatiewe situasies (Bishop, 1993:259).

Sin vir koherensie (die salutogeniese konstruk) wat 'n bepaalde faset van persoonlikheid is en die moontlike verwantskap met persoonlikheidstipes gaan ondersoek word.

Die salutogeniese paradigma beweeg weg van die digotomie dat mense óf siek óf gesond moet wees, na wat Antonovsky (1987:3) die gesondheidsgesteldheids/-ongesteldheid kontinuum noem. Dit impliseer dat daar geen enkele posisie is waarheen lewende organismes aanhoudend terugkeer nie. Inteendeel, dit stel voor dat daar beweging is tussen twee posisies – die teoretiese pole van totale gesondheid tot terminale siekte. Die vraag ontstaan dan watter faktore 'n bydrae lewer tot die beweging van mense op dié kontinuum (Antonovsky & Bernstein, 1986:59). Die fokus is dus op die oorsprong van gesondheid eerder as op die oorsprong van siekte.

Uit 'n organisatoriese perspektief is dit noodsaaklik om 'n effektiewe en aktiewe bestuurskorps te hê wat optimaal funksioneer en onder toestande van stres 'n salutogeniese of optimale oriëntasie handhaaf. Die taak rus volgens Spannenberg (1990:xi) op die menslikehulpbronpraktisyns om bestuurders te identifiseer wat nie alleen oor die nodige vaardighede en motivering beskik nie, maar wat ook die regte houdings, waardes en sosiale oriëntasies het om die toenemend gekompliseerde bestuur/werknemerverhoudings te kan hanteer. Hulle moet in staat wees om die toenemende stres en snelle veranderinge positief te kan verwerk en selfs te kan benut ten einde optimaal te kan funksioneer.

Strümpfer (1990:269) wys daarop dat 'n sin vir koherensie ook 'n beduidende impak op werk moet hê en veral op die manier waarop werk en take as sodanig benader en uitgevoer word. Hy redeneer dat, aangesien die meeste volwassenes die grootste deel van hul wakker lewe by die werk spandeer, dit 'n dominante bron van eksterne sowel as interne stimulasie is, wat verkieslik verstaan, bestuur en betekenisvol gemaak moet word. 'n Sterk sin vir koherensie sal volgens hom in alle waarskynlikheid lei tot 'n persoon wat:

- die werkplek kognitief evalueer deur sy stimulasie-informasie as helder, georden, gestruktureerd, konsekwent en voorspelbaar waarneem;
- sy werkplek as draaglik beleef deur die werk te beskou as 'n uitdaging wat hy kan bereik; en

- werkseise (op emosionele- en motiveringsvlak) as sinvol beskou en dit verwelkom as uitdagings wat die moeite werd is om aan te pak en energie daarin te investeer.

Die bogenoemde redenasie van Strümpfer (1990:269) dien as kragtige argument om die onderhawige navorsing te motiveer. Die konstruk van salutogenese, soos dit in die konsep van sin vir koherensie manifesteer, verwys na optimalisering by die mens ten opsigte van werksingesteldheid.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Die sielkunde het 'n klemverskuiwing ondergaan in die sin dat die fokus weg van die bestudering van negatiewe, abnormale gedrag verskuif het. Hierdie verskuiwing het veral toepassingswaarde binne die bedryfsielkunde waar meestal met relatief gesonde werknemers gewerk word in 'n poging om hulle na optimaliteit te stimuleer (Cilliers, 1988:15). Verandering is egter 'n groot realiteit in die werksomgewing en is dikwels 'n traumatiese ervaring. Daar is egter geen duidelike verklaring waarom sekere mense 'n proses van verandering kan hanteer terwyl ander dieselfde veranderingsproses nie kan hanteer nie (Ashford, 1988:20).

Hierdie vraag sal vanuit 'n salutogenetiese paradigma aangespreek word en die moontlike verwantskap tussen sin vir koherensie en persoonlikheidstipes sal behandel word.

Gegewe hierdie agtergrond sal die probleemstellings soos volg daar uitsien:

- Wat word bedoel met die term salutogeniese model en watter salutogeniese konstruk kan geselekteer word om hanteerders en nie-hanteerders te identifiseer?
- Verskil bestuurders in ABSA Bank betekenisvol in terme van hul salutogeniese konstruk wanneer hulle kwantitatief gemeet word?
- Kan persoonlikheidstipes gebruik word as veranderlike om te bepaal of iemand suksesvol gaan tred hou of nie?

- Wat is die verwantskap tussen persoonlikheidstipes en sin vir koherensie en kan die een dien as voorspeller vir die ander?
- Is daar 'n teoretiese verwantskap tussen persoonlikheidstipes en sin vir koherensie?

## 1.3 DOELSTELLINGS

Doelstellings word vervolgens vir die onderhawige navorsing geformuleer in terme van 'n algemene doelstelling asook spesifieke doelstellings.

### 1.3.1 Algemene doelstelling

Die algemene doelstelling van hierdie navorsing is om die verband tussen persoonlikheidstipes en 'n salutogeniese konstruk (sin vir koherensie) te bepaal.

### 1.3.2 Spesifieke doelstelling

Die volgende literatuurdoelstellings word geformuleer:

1. Om die begrip persoonlikheid en persoonlikheidstipes te bestudeer.
2. Om die salutogeniese model te analiseer en 'n salutogeniese konstruk te kies wat gebruik gaan word in die empiriese studie.
3. Om die geïdentifiseerde salutogeniese persoonlikheidskenmerke te bespreek.

Die volgende empiriese doelstellings word geformuleer:

1. Om te bepaal of daar 'n verband is tussen persoonlikheidstipes en sin vir koherensie.
2. Om te bepaal of daar verwantskappe is tussen die vier attribuut-subskale van die MBTI en sin vir koherensie.

## 1.4 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF VAN DIE NAVORSING

Die navorsingsmodel van Mouton en Marais (1992:21), wat in hierdie navorsing as raamwerk dien, het ten doel om die vyf dimensies van geesteswetenskaplike navorsing, te wete die sosiologiese, ontologiese, teleologiese, epistemologiese en metodologiese dimensies saam te vat en binne die raamwerk van die navorsingsproses te sistematiseer. Die onderliggende aanname van die model is dat navorsing 'n sosiale proses is. Die model word vanuit die stelselteoretiese raamwerk verduidelik. Die intellektuele klimaat (metateoretiese stellings), die mark van intellektuele hulpbronne (teoretiese stellings en metodologiese oortuigings) en die werklike navorsingsproses word beskou as die drie substelsels wat met mekaar en met die navorsingsdomein, soos gedefinieer in 'n spesifieke dissipline – in hierdie geval die bedryfsielkunde – in wisselwerking tree.

Vervolgens word spesifiek verwys na die metateoretiese aannames, die toepaslike teoretiese modelle en die metodologiese aannames van die ondersoek.

### 1.4.1 <u>Metateoretiese aannames</u>

Hierdie ondersoek vind plaas in die bedryfsielkunde as vakterrein en kan omskryf word as die afdeling van die toegepaste sielkunde wat te doen het met werk in organisasies. Bedryfsielkunde is die wetenskaplike bestudering van menslike gedrag in 'n poging om produktiwiteit en kwaliteit van lewe te verhoog. Dit sluit onder meer die volgende in: personeelsielkunde, keuring en plasing van personeel, opleiding, taakontleding, poswaardering, motivering van personeel, prestasie-beoordeling, die bestudering van moreel en vermoeidheid, ergonomika, organisasiesielkunde, verbruikersielkunde en beroepsveiligheid (vgl. Plug, Meyer, Louw en Gouws, 1986:36). Meer spesifiek is die fokus van hierdie ondersoek binne die organisasiesielkunde wat omskryf kan word as die bestudering van organisasies, die elemente en sisteme waaruit hulle bestaan, en van faktore wat die doeltreffendheid van hulle funksionering beïnvloed, dit wil sê, veral die interaksie tussen die individu en die organisasie (Plug et al., 1986:256).

Die beskouing ten opsigte van organisasiesielkunde wat as vertrekpunt in die ondersoek gebruik word, is die sisteembenadering. Die sisteemmodel (Randolph & Blackburn, 1989: 13-30; Robbins, 1993: 27-34) beskryf 'n organisasie in terme van drie vlakke, naamlik die individuele vlak, die groepvlak en die organisasievlak. By die individuele vlak word gefokus op aspekte soos persoonlikheid, waardes en houdings, vermoëns, persepsies, motivering en leer. Met hierdie ondersoek word gefokus op die individuele vlak en veral die persoonlikheidtipe van die bestuurder en vanuit die persoonlikheidsielkunde word gefokus op 'n individu se hantering of verwerking van verandering.

Omdat die ondersoek so sterk op die individu fokus, is dit ook nodig om die relevante mensbeskouing en gepaardgaande paradigmas te omskryf. In aansluiting by die persoonlikheidsbeskouing van die behaviorisme en die humanisme (derde mag, eksistensialisme, fenomenologie) wat in hierdie ondersoek ter sprake is, word die mens as die fenomeen onder bestudering beskou as 'n Godgeskape wese wat as 'n eenheid van liggaam, psige en gees op 'n geïntegreerde bio-psigo-sosiale wyse funksioneer in sy voortgesette strewe na heelheid. Die mens beskik oor die potensiaal vir groei en verryking wat vanuit die geestesdimensie spruit.

Vervolgens word die relevante navorsingsvakterminologie omskryf, met die fokus op paradigma, konsep, teorie, konseptuele/teoretiese raamwerk en model.

'n **Paradigma** is 'n stel fundamentele gelowe wat deur 'n bepaalde wetenskaplike gemeenskap erken word en wat aanvaar word as basis vir verdere navorsing (Kuhn, 1970: 10; Lundberg, 1984: 64). Binne die geesteswetenskaplike dissiplines is daar sprake van multi-paradigmas (Mouton & Marais, 1989:19). Dit verskaf 'n kaart wat die navorser kan lei en dien as 'n wyse om persepsies te organiseer.

Die paradigmas van toepassing in die literatuuroorsig van hierdie ondersoek is die humanisties-eksistensiële paradigma en vanuit die psigodinamiese paradigma meer spesifiek die neo-psigodinamiese paradigma.

Die basiese aannames van die humanistiese paradigma is die volgende (Quitmann,

1985: 67):

- Die mens is 'n verantwoordelike wese met die vryheid en wil om tussen verskeie opsies te kies;
- Die mens is deurgaans betrokke in 'n dinamiese groeiproses waarbinne hy/sy probeer om sy/haar volle potensiaal te bereik en om waarlik hom/haar self te wees;
- Individue behoort as geïntegreerde geheel bestudeer te word;
- Die menslike aard is inherent positief; individue neem aktief deel in die bepaling van hul eie gedrag; en
- Menslike bestaan is intensioneel. Dit vorm die basis van menslike identiteit.

Die basiese aannames van die psigodinamiese paradigma is die volgende (Meyer et al, 1988):

- 'n Gegewe psigologiese verskynsel word altyd bepaal deur spesifieke interne faktore; en
- Gedrag word grootliks bepaal deur kragte binne 'n mens waarvan hy meestal onbewus is.

Die basiese aannames van die neo-psigodinamiese paradigma is die volgende (Meyer et al, 1988):

- 'n Mens het die potensiaal vir groei en ontwikkeling; en
- Persoonlikheid is daarom buigsaam en veranderbaar.

Die literatuuroorsig oor salutogenese word vanuit die salutogeniese paradigma aangebied. Die basiese aannames hiervan is die volgende (Strümpfer, 1990: 267):

- In teenstelling met die digotomie tussen gesondheid en siekte, kan alle mense iewers op die kontinuum tussen die twee pole van terminale siekte en algehele of totale gesondheid (optimaliteit) geplaas word;

- Die algemeen aanvaarde aanname dat alle stressors inherent nadelig vir gesondheid is, word verwerp ten gunste van die moontlikheid dat stressors heilsame of gesonde gevolge mag hê;
- Die mens wat gesond bly ten spyte van stressors moet bestudeer word.

In hierdie navorsing word ondersoek ingestel na sekere aspekte van salutogenese en die meting daarvan, asook na die tipe mens wat optimaal funksioneer nieteenstaande die stressors.

Die empiriese navorsing word vanuit die funksionalistiese raamwerk aangebied (Morgan, 1980:608). Die basiese aanname is dat die gemeenskap 'n konkrete, werklik-bestaande, en sistemiese karakter-oriëntasie het om 'n geordende en gereguleerde bestaan te voer. Dit moedig 'n benadering tot sosiale teorie aan wat klem lê op begrip vir die rol van die mens in die gemeenskap. Gedrag word altyd gesien as kontekstueel gebonde in 'n werklike wêreld van konkrete en tasbare sosiale verwantskappe. Die ontologiese aannames versterk die gedagte aan die moontlikheid van 'n objektiewe en waardevrye sosiale wetenskap waarin die wetenskaplike gedistansieer is van die plek of die toneel wat hy wetenskaplik ondersoek. Die funksionalistiese perspektief is hoofsaaklik regulerend en pragmaties in basiese oriëntasie en is gemoeid met die verstaan van die gemeenskap op 'n manier wat nuttige empiriese kennis genereer. Tematies het dit die wetenskaplike, objektiewe en waardevrye meting, bepaling en uiteindelik begrip van menslike sosiale optrede en gedrag ten doel. In hierdie ondersoek word tematies na die meting van die konstrukte sin van koherensie en persoonlikheidstipes verwys, ten opsigte waarvan psigometriese beginsels gebruik gemaak sal word (Smit, 1981).

'n **Konsep** kan omskryf word as die mees elementêre simboliese konstruk waardeur die mens die werklikheid klassifiseer of kategoriseer, met ander woorde, begryp (Mouton & Marais, 1989:126). 'n Bondige definisie is dus: 'n Konsep is 'n simbool van betekenis. Die kernkonsepte ter sprake in hierdie ondersoek is persoonlikheid, persoonlikheidstipes, optimaliteit, salutogenese, sin van koherensie en hantering.

- Persoonlikheid

Persoonlikheid verwys na 'n aspek van die menslike psige soos gedefinieer deur Jung (1969, 1971). Die psige word gesien as 'n komplekse netwerk van sisteme wat met mekaar in interaksie is. Psigiese energie vloei deurlopend van die een sisteem na die volgende in 'n konstante strewe na harmonie. Persoonlikheidsontwikkeling word gesien as 'n dinamiese proses wat deur die hele lewensloop teenwoordig is omdat selfverwesenliking die primêre ontwikkelingsdoel van die mens is (Jung, 1969, 1971).

- Persoonlikheidstipes

Persoonlikheidstipes word gedefinieer as die patrone wat ontstaan as gevolg van die mens se voorkeur vir persepsie en beoordeling. Afgesien van 'n dominante houding gebruik elke mens bewustelik en op 'n spesifieke wyse die funksies van persepsie en beoordeling in sy waarneming van die wêreld en om betekenis te heg aan elke ervaring.

'n Funksie word gedefinieer as "a particular form of psychic activity that remains the same in principle under varying conditions" (Jung, 1971: 133). Deur die kombinasie van 'n mens se dominante houding en funksie word sy basiese persoonlikheidstipe bepaal. Persoonlikheidstipes verskil in belangstellings, waardes en behoeftes (Jung, 1971).

- Optimaliteit

Daar word verwys na optimaliteit in terme van salutogenese (Cilliers & Wissing, 1993: 6). In hierdie verband word daar spesifiek verwys na die optimale hantering en verwerking van stres soos dit deur die mens in sy werksomgewing en daaglikse bestaan ervaar word.

- Salutogenese

Die term salutogenese is deur Professor Aaron Antonovsky van Mediese Sosiologie by die Ben Gurion Universiteit van Negev bekendgestel. Hierdie neologistiese konsep van "salutogenesis" se oorsprong is van die Latyn: *salus* (health) en die Grieks: *genesis* (origin), en beklemtoon die oorsprong

van gesondheid (Strümpfer, 1995: 81). Salutogenese dui, volgens Strümpfer (1990: 266-268), op die breë paradigma wat ondersoek instel na die mens se vermoë om stres te hanteer, gesond te bly en optimaliteit te bereik. Dit omsluit die verwysing na daardie inherente moderator veranderlikes wat as meganismes optree om die mens te laat byhou te midde van stressors. Salutogenese verwys verder na optimaliteit in terme van die benutting van stres. Salutogenese word verteenwoordig deur 'n aantal konsepte wat onafhanklik ontwikkel is.

- Sin vir koherensie

  Sin vir koherensie is een van die konsepte wat ontwikkel is uit die salutogeniese paradigma. Dit dui op die konsep wat Antonovsky (1987) ontwikkel het om te verwys na die mens se globale oriëntasie om sin te maak uit die eindelose stressors wat die mens konstant bombardeer.

'n **Teorie** is 'n groep logies samehangende stellings wat aangebied word as verklaring vir 'n groep verwante verskynsels en/of as 'n sistematiese beskrywing van die verbande tussen die feite wat op 'n saak (of 'n groep verwante sake) betrekking het (Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1986:362). 'n Teorie word voorts gesien as 'n stel definisies, konsepte en verhoudingsverklarings wat 'n sistematiese oorsig van verskynsels projekteer, deur spesifieke interverwantskappe, vir die doel van beskrywing, verklaring en voorspelling tussen die konsepte onderling aan te wys. Vir doeleindes van hierdie ondersoek word verwys na persoonlikheidsteorieë en persoonlikheidstipes asook teorieë wat bespreek sal word vanuit 'n salutogeniese paradigmatiese perspektief.

**Konseptuele raamwerk en teoretiese raamwerk** word as sinonieme konsepte binne hierdie ondersoek gesien. 'n Konseptuele raamwerk verteenwoordig 'n matriks van konsepte wat gesamentlik die fokus van die ondersoek beskryf. Die doel van die konseptuele raamwerk is om 'n fokus aan alle aktiwiteite rondom die ontwikkeling van 'n bepaalde teorie te voorsien. Dit verskaf 'n netwerk waarbinne vrae gestel kan word, data en teorieë toegepas kan word, en maak die identifisering van areas waarin die teorie nog leemtes ervaar moontlik. Vir doeleindes van hierdie

ondersoek is die konseptuele raamwerk die psigologies optimaalfunksionerende persoonlikheid en sy vermoë om effektief by te hou met verandering in die werksomgewing. Dit is 'n werknemer/bestuurder wat deur sy sensitiwiteit, aanvaarding van eie verantwoordelikheid, interne lokus van kontrole, effektiewe hanteringsmeganismes en interpersoonlike relasies, 'n meer effektiewe bydrae tot die organisasie in 'n snel veranderende omgewing kan maak. Indien hierdie kenmerke as deel van bestuursontwikkeling en loopbaanbeplanning gestimuleer word, kan die organisasie en die gemeenskap ook baat daarby vind en moontlik op meer optimale wyse sy potensiaal ontwikkel.

'n **Model** kan beskryf word as 'n voorstelling, in simbole, van die beginsels wat veronderstel word om die een of ander aspek van gedrag te onderlê, of van die hipoteses wat geformuleer is om die betrokke gedrag te verklaar (Plug et al, 1986: 223). Dit kan ook beskryf word as 'n analogie of voorbeeld wat dit moontlik maak om iets wat nie direk waargeneem kan word nie te visualiseer en meer verstaanbaar te maak. 'n Model is 'n konseptuele raamwerk wat verskynsels klassifiseer in terme van konstrukte en die verbande tussen die verskynsels en veranderlikes sistematiseer. 'n Model is die voorloper van 'n teorie. Hierdie ondersoek fokus op die optimaalfunksionerende bestuurder en sy vermoë om verandering en stres te hanteer gebaseer op sy persoonlikheidstipe.

**Sentrale hipotese**

Daar bestaan 'n verband tussen persoonlikheidstipes en die optimaal-funksionerende werknemer soos gemeet aan die hand van die konstruk sin vir koherensie.

1.4.2 Toepaslike teoretiese modelle

Gegrond op bogenoemde metateoretiese aannames, word die volgende teoretiese modelle as relevant tot hierdie ondersoek beskou.

Persoonlikheid as basiese sielkundige konsep en konstruk word vir doeleindes van hierdie ondersoek bestudeer vanuit twee paradigmas, naamlik die behaviorisme en

die humanisme. Behaviorisme beskryf die mens as 'n passiewe slagoffer van eksterne stimuli en verklaar gedrag as die resultaat van leer en omgewingsinvloede (Hjelle & Ziegler, 1981:361). Die humanisme (derde mag, eksistensialisme, fenomenologie) beskryf die mens as basies goed en dat 'n mens sal realiseer tot sy of haar volle potensiaal mits die omgewingsfaktore gunstig is (Maslow, 1987:249).

Persoonlikheid word in hierdie ondersoek beskou as die geïntegreerde en dinamiese organisasie van 'n individu se psigiese, sosiale, morele en fisiese eienskappe soos dit in sy wisselwerking met sy omgewing en veral met ander persone tot uiting kom en soos bepaal word deur die interaksie tussen konstitusionele en omgewingsfaktore. Aangesien die persoonlikheid geleidelik ontwikkel gedurende die individu se lewensloop en dus nooit staties is nie, dui die term gewoonlik op die patroon van eienskappe op 'n gegewe tydstip gedurende die individu se lewe (Plug et al, 1986:274).

In aansluiting by die persoonlikheidsielkunde word die groeisielkunde as teoretiese raamwerk aanvaar en omskryf as die poging om 'n individu se persoonlikheid uit te brei en te verryk. Dit fokus verder op dit wat 'n individu kan word en nie noodwendig wat hy in die verlede was of in die hede is nie (Schultz, 1977:iii). In groeisielkunde word die konsep psigologiese optimaliteit as einddoel van menslike psigologiese ontwikkeling aanvaar en gedefinieer as "'n natuurlike, dinamiese en kreatiewe groeiproses waarin die individu, met 'n volle besef van sy verantwoordelikheid, deur selfdefiniëring en die optimalisering van alle fisiese, psigiese en geestelike potensialiteite tot 'n unieke eenheidsbelewing ontwikkel en homself in sy werk, sy interpersoonlike relasies en in sy verhouding tot God, transendeer" (Cilliers, 1984:62).

1.4.3 Navorsingsontwerp / Metodologiese aannames

1.4.3.1 *Tipes navorsing*

Daar is basies drie navorsingstipes wat onderskei kan word, naamlik verkennende, beskrywende en verklarende studies (Mouton & Marais, 1993: 42-46).

'n Verkennende studie het ten doel om 'n verkenning van 'n relatief onbekende terrein te maak. Die doelwit met so 'n studie is eerder gerig op die verkryging van insig en verwerwing van begrip as op die insameling van akkurate, repliseerbare data.

'n Beskrywende studie sluit 'n wye verskeidenheid tipes navorsing in. Die klem val op 'n indiepte-beskrywing van 'n spesifieke individu, situasie, groep, organisasie, stam, subkultuur, interaksie of sosiale voorwerp of op 'n beskrywing van die frekwensie waarmee 'n bepaalde eienskap of veranderlike in 'n steekproef voorkom. Beskrywing het dus 'n sambreelterm vir 'n verskeidenheid soorte navorsing geword met die gemeenskaplike elemente om "dit wat is" op een of ander wyse akkuraat en noukeurig te beskryf.

Die doel met verklarende navorsing is om oorsaaklikhede tussen veranderlikes of gebeurtenisse aan te toon en hou regstreeks verband met voorspellende en evaluatiewe studies. Hierdie tipe studie probeer dus om bepaalde verskynsels in terme van sekere oorsake te verklaar.

Die navorsingsdoelstelling van hierdie ondersoek is om gedeeltelik 'n beskrywende studie en gedeeltelik 'n verklarende studie te doen (Mouton & Marais, 1989: 44-46). Die beskrywende studie word in hoofstukke 2 en 3 gedoen waar verskillende persoonlikheidsteorieë en spesifiek persoonlikheidstipes bespreek word asook verskillende konstrukte vanuit die salutogeniese paradigma. Die verklarende studie vorm die empiriese gedeelte van die studie waar gepoog word om die verbande tussen die verskillende konsepte wat bespreek is, te bepaal en te verklaar. In aansluiting hierby word empiriese navorsing uitgevoer waarvan die inhoud psigometries van aard is en waarin die verband tussen gekose konstrukte bepaal word. Die empiriese resultate word binne die konteks van die bestaande literatuur in die vorm van 'n teoretiese herstrukturering geïntegreer. Hierdie afleidings word as waar in terme van hierdie gekose steekproef beskou, sodat realistiese afleidings en aanbevelings ten opsigte van die populasie gemaak kan word.

Volgens Cozby (1989:36) is daar basies twee *navorsingsontwerpe* waaruit gekies

kan word indien die verbande of korrelasies tussen veranderlikes ondersoek word. Hierdie twee metodes is die korrelatiewe ontwerp en die eksperimentele ontwerp. Die korrelatiewe ontwerp is nie-manipulerend deurdat gedrag waargeneem word soos dit natuurlik na vore kom. Die korrelatiewe ontwerp word ook dikwels geassosieer met navorsing deur middel van 'n opname waar vrae aan 'n steekproef persone gevra word rakende byvoorbeeld hulle agtergrond, vorige ervarings en houdings om sodoende verbande tussen bepaalde faktore te kan bepaal (Nachmias & Nachmias, 1987: 133). In teenstelling hiermee word veranderlikes gemanipuleer by die eksperimentele metode.

Aangesien die persoonlikheid van 'n mens redelik stabiel bly is 'n korrelatiewe metode vir die doeleindes van hierdie ondersoek gekies. Die proefpersone het elkeen onafhanklik die vraelyste wat die verskillende veranderlikes meet, voltooi. Daar is egter twee gevare aan hierdie metode verbonde wat in die interpretasie van die resultate in ag geneem moet word. Eerstens is dit in so 'n ontwerp moeilik om te sê watter veranderlike het die ander veroorsaak/beïnvloed, met ander woorde, as daar 'n hoë verband tussen twee veranderlikes is, watter invloed het die een op die ander en in welke mate die een moontlik veroorsaak dat die ander een ook hoog/laag is. Die tweede probleem met hierdie ontwerp is dat die verband tussen twee veranderlikes moontlik toegeskryf kan word aan 'n derde of meer veranderlikes wat nie in die ondersoek geëvalueer is nie.

Die doel van sosiaal wetenskaplike navorsing is 'n medewerkende menslike aktiwiteit waarbinne sosiale realiteite objektief bestudeer word met die doel om nie alleen die fenomeen te begryp nie maar om 'n geldige en betroubare begrip van die realiteit te verskaf (Mouton & Marais, 1993: 7-8). *Geldigheid en betroubaarheid* word in die navorsing verseker deur in die literatuuroorsig van 'n voorafbepaalde struktuur gebruik te maak in die aanbieding en vergelyking van die konstrukte. In die empiriese ondersoek word van erkende geldige en betroubare meetinstrumente gebruik gemaak. Verder word die empiriese prosedure so gekontroleerd moontlik uitgevoer en gerapporteer.

## 1.5 NAVORSINGSPROSES

Die navorsingsproses bestaan uit twee fases, naamlik 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

### 1.5.1 Fase 1: Literatuurstudie

- **Stap 1:** 'n Teoretiese oorsig oor die begrip persoonlikheid, bestaande persoonlikheidsteorieë en persoonlikheidstipes.
- **Stap 2:** 'n Literatuuroorsig oor die salutogeniese paradigma, die konstrukte binne hierdie paradigma asook salutogeniese persoonlikheidskenmerke.

### 1.5.2 Fase 2: Empiriese ondersoek

- **Stap 1:** Die formulering van die empiriese doelstellings van die ondersoek
- **Stap 2:** Die omskrywing van die populasie en die samestelling van die steekproef.
- **Stap 3:** Die keuse, samestelling en motivering van die metingsinstrument.
- **Stap 4:** Die administrasie van die metingsbattery
- **Stap 5:** Statistiese verwerking van data
- **Stap 6:** Rapportering, bespreking en integrasie van die bevindinge
- **Stap 7:** Formulering van gevolgtrekkings
- **Stap 8:** Formulering van die beperkinge van die ondersoek
- **Stap 9:** Formulering van aanbevelings

## 1.6 HOOFSTUKINDELING

Die teoretiese ondersoek behels die definiëring en omskrywing van persoonlikheid en persoonlikheidstipes soos beskryf deur Jung in hoofstuk 2.

In hoofstuk 3 word die konsep van salutogenese met 'n paar verwante konstrukte

ondersoek. Die klem val spesifiek op die konstuk sin vir koherensie.

Hierna word die navorsingsmetodologie in terme van die empiriese doel van die ondersoek, die steekproef, die mees geskikte psigometriese instrumente vir elke konstruk en die ondersoekprosedure gerapporteer (Hoofstuk 4).

In hoofstuk 5 word die resultate gerapporteer en bespreek en in hoofstuk 6 word gevolgtrekkings en aanbevelings geformuleer.

## 1.7 HOOFSTUKSAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die agtergrond en motivering tot en die probleemstelling van die ondersoek bespreek. Tweedens is die algemene en spesifieke doelstellings vir die ondersoek geformuleer, 'n paradigmatiese perspektief tot die ondersoek gegee en die hoofstukindeling bespreek.

## HOOFSTUK 2 PERSOONLIKHEID

'n Literatuurstudie wat fokus op die begrip persoonlikheid, persoonlikheidsteorieë en persoonlikheidstipes word in hoofstuk 2 weergee.

Gedokumenteerde beskrywings van persoonlikheid dateer terug na die tyd van die antieke Griekse filosowe toe Hippokrates (5 VC) vier basiese tipes temperament beskryf het, naamlik die sanguiniese, die melankoliese, die choleriese en die flegmatiese temperamente. Hierdie tipologie, wat gebaseer was op versigtige waarneming, was hoogs suksesvol en het 'n paradigma vir wetenskaplike ondersoek daargestel wat vir meer as 2000 jaar in gebruik was en selfs tot vandag van nut kan wees.

Sedertdien word daar wêreldwyd meer as dertig verskillende teorieë bestudeer wat elk sy eie aanhangers het, volgens Meyer, Moore & Viljoen (1988, p.5).

Vervolgens word 'n paar definisies van persoonlikheid weergegee soos dit in die literatuur voorkom:

Persoonlikheid word volgens Gouws et al (1984, p.230) in sy wydste betekenis aangedui as "...die geïntegreerde en dinamiese organisasie van 'n individu se psigiese, sosiale, morele en fisiese eienskappe, soos dit in wisselwerking met sy omgewing, en veral met ander persone, tot uiting kom, en soos bepaal deur die interaksie tussen konstitusionele- en omgewingsfaktore." Gouws et al (1984) is ook van mening dat persoonlikheid geleidelik ontwikkel gedurende die individu se lewensloop en dus nooit staties is nie - daarom dui die term gewoonlik op die patroon van eienskappe op 'n gegewe tydstip gedurende die individu se lewe. Die bostaande definisie is baie wyd en integreer baie aspekte van verskillende persoonlikheidsoriëntasies.

Meyer et al (1988, p.8) definieer dit as volg: "Dit is die gedurige veranderende maar tog relatief stabiele organisasie van alle liggaamlike, psigiese en geestelike eienskappe van die individu wat sy gedrag in interaksie met die omgewing bepaal".

Volgens Allport (Cartwright, 1979, p.29) is die mees akkurate beskrywing van persoonlikheid: "Personality is the dynamic organization within the individual of those psychophysical systems that determine his unique adjustments to his environment".

"Personality is a stable set of characteristics and tendencies that determine those commonalities and differences in the psychological behavior (thoughts, feelings, and actions) of people that have continuity in time and that may not be easily understood as the sole result of the social and biological pressures of the moment" (Maddi, 1976, p.9).

"... a more or less stable and enduring organization of a person's character, temperament, intellect, and physique, which determines his unique adjustment to the environment. Character denotes a person's more or less stable and enduring system of conative behavior (will); temperament, his more or less stable and enduring system of affective behavior (emotion); intellect, his more or less stable and enduring system of cognitive behavior (intelligence); physique, his more or less stable and enduring system of bodily configuration and neuro-endocrine endowment" volgens Eysenck & Eysenck (1985, p.9).

"Personality is an abstraction and is not observed directly; instead, it is inferred from behavior which is observed. Personality is an example of a theoretical construct. Theoretical constructs do not actually exist, nor can they be seen or touched. Personality is a construct; constructs do not exist ... " (Liebert & Spiegel, 1974, p.9).

## 2.1 PERSOONLIKHEIDSTEORIEë: 'n SISTEMATIESE OORSIG

Die ontwikkeling van 'n paradigma om persoonlikheid te verstaan, is reeds 2000 jaar gelede al begin toe die Griekse filosoof, Hippokrates, sy leerstelling van vier temperamente ontwikkel het. Daar bestaan 'n groot verskeidenheid beskouings oor persoonlikheid asook oor die presiese aard van die wisselwerking tussen

persoonlikheid en situasie. Hoewel daar baie persoonlikheidsteorieë bestaan, kan hulle op grond van sekere kenmerke in enkele groepe verdeel word. Volgens Meyer, Moore, & Viljoen (1988, p.13) kan hulle in die volgende vier klasse verdeel word:

* die dieptepsigologiese teorieë
* die behavioristiese teorieë
* die dimensionele teorieë
* die humanistiese teorieë

2.1.1 Die Behavioristiese- of leerteorieë

Behavioriste verklaar gedrag as die resultaat van leer en omgewingsinvloede. Verskillende behavioristies georiënteerde teoretici bied egter verskillende verklarings aan vir die verskynsels van leer- en omgewingsbeïnvloeding. Party meen dat die mens sekere biologiese drange het wat bevredig moet word, en dat die individu mettertyd leer om gedrag wat tot drangbevrediging lei, in soortgelyke situasies te herhaal. Ander, meer ekstreme behavioriste, is van mening dat alle gedrag en leerprosesse verklaar kan word sonder om enigsins te verwys na behoeftes of bewuste belewenisse. 'n Derde groep erken ook die nabootsing van ander mense as 'n leermetode.

Van die bekendste teorieë wat hieronder ressorteer is:

* Die ekstreme behaviorisme van Skinner
* Die drangverminderingsteorie van Dollard en Miller
* Die sosiale leerteorie van Bandura en andere.

2.1.2 Dimensionele teorieë

Dimensionele teoretici gaan van die standpunt uit dat die mens baie verskillende eienskappe of gedragsneigings het. Ten einde 'n persoon te beskryf, meen hulle, moet die mees geskikte dimensies vir beskrywings gevind word. Hulle verskil onder

mekaar oor die aard van die basiese dimensies wat hulle as uitgangspunt gebruik, asook oor die metode wat vir die ontdekking van die dimensies gebruik moet word. Die konstitusionele tipoloë meen dat die liggaamsbou as uitgangspunt gebruik moet word en gebruik gevolglik hoofsaaklik metodes vir meting en klassifisering van liggaamsboutipes. Die faktoranaliste gebruik 'n verskeidenheid van sielkundige metodes vir die meting van persoonlikheidseienskappe asook 'n statistiese metode, naamlik faktorontleding, om die dimensionele patroon van die eienskappe te ontdek. Daar is egter ook personoloë wat nog ander uitgangspunte vir 'n dimensionele beskrywing van die persoon gebruik.

Teorieë wat hieronder ressorteer is:

* Die konstitusionele tipologie van Sheldon
* Die behoefteteorie van Murray
* Cattell se faktoranalitiese model van persoonlikheid

2.1.3 <u>Humanistiese teorieë</u>

Die belangrikste ooreenstemmende kenmerk van die teorieë in hierdie groep is dat hulle probeer om alle aspekte van die persoon in hul teorieë te betrek en te verklaar. Hulle beskou die dieptepsigologie en die behaviorisme as onvoldoende omdat laasgenoemde slegs sekere aspekte van die mens bestudeer. In ander opsigte is humaniste egter taamlik uiteenlopend. Hulle verskil van mekaar onder meer oor wat hulle as die oorkoepelende doel van die mens se lewe beskou. Allport en die eksistensialiste meen byvoorbeeld dat die mens sy eie lewe grootliks rig deur die ideale wat hy vir homself stel. Daarenteen meen Rogers dat die mens van nature daarna streef om sy aangebore potensialiteite ten volle te ontwikkel, en dat daar nog verskeie ander beskouings bestaan oor die basiese aard van die mens en oor die wyse en die redes waarom hy funksioneer.

Bekende teorieë wat hieronder ressorteer is:

* Die holistiese teorie van Gordon Allport

* Die selfaktualiseringsteorie van Abraham Maslow
* Die selfkonsepteorie van Carl Rogers
* Die kognitiewe teorie van Kelly
* Die eksistensiële teorie van Viktor Frankl

2.1.4 Dieptepsigologiese teorieë

Dieptepsigoloë is van mening dat gedrag bepaal word deur kragte binne die mens waarvan hy grootliks onbewus is. Hulle verskil egter onder mekaar oor die aard van hierdie kragte asook oor die mate van bewuste beheer wat die individu wel kan uitoefen. Sommige dieptepsigoloë, veral die oueres, het die biologiese aard van die psigiese kragte beklemtoon, terwyl ander, veral die meer modernes, die sosiale aard en oriëntasie van die psigiese kragte aksentueer.

Bekende teorieë wat hieronder ressorteer is:

* Die psigo-analitiese teorie van Freud
* Die analitiese teorie van Carl Jung
* Die individuele sielkunde van Adler
* Die sosiaal-georiënteerde psigoanalitiese teorieë
* Die egosielkundige teorie van Erik Erikson.

Vir doeleindes van hierdie studie gaan die teorie van Carl Jung bespreek word aangesien dit die basis vorm van die Myers-Briggs Type Indicator vraelys. Jung se psigo-analitiese teorie kan onder die diepte-psigologiese teorieë geklassifiseer word.

## 2.2 DIE PERSOONLIKHEIDSTEORIE VAN CARL JUNG

Jung se teorie oor persoonlikheid word allerweë beskou as 'n baie komplekse teorie wat inligting uit verskeie dissiplines integreer in 'n poging om die psigologiese funksionering van die mens te probeer verstaan. Die basiese beginsels van Jung (1969, 1971) se teorie oor persoonlikheid kan soos volg opgesom word:

### 2.2.1 <u>Die struktuur van persoonlikheid</u>

Jung (1969,1971) gebruik die term "psige" wanneer hy na die totale persoonlikheid verwys. Hierdie psige word gesien as 'n komplekse netwerk van sisteme wat deurentyd in interaksie is met mekaar. Psigiese energie vloei deurlopend van een sisteem na die volgende in 'n konstante poging om harmonie te bereik. Drie primêre interafhanklike sisteme van die psige kan onderskei word, naamlik die ego, die persoonlike onbewuste en die kollektiewe onbewuste. Die psige kan met ander woorde in hierdie drie sisteme verdeel word.

#### 2.2.1.1 *Die ego*

Die eerste sisteem van die menslike persoonlikheid of psige is die persoonlike bewustheid waarvan die ego en persona 'n deel is. Die ego is die setel van bewustheid en is dit waarna 'n persoon verwys wanneer die woord "ek" gebruik word. Dit is dus die ego wat praat, terwyl die persoon die masker of rol is wat 'n mens speel. Die persoon is dus wat die buitewêreld te siene kry.

#### 2.2.1.2. *Die persoonlike onbewuste*

Hierdie is die tweede sisteem van die psige en is uniek aan die individu en word opgemaak uit ervaring of ondervinding wat die individu lank reeds vergeet het. Die skadu en anima/animus vorm deel van die persoonlike onbewuste. Die skadu word gekenmerk deur eienskappe en houdings, hetsy positief of negatief, wat die bewuste ego neig om te verwerp of ignoreer. Die bewustelike verwerking van 'n persoon se skadu lei gewoonlik tot 'n verhoging van energie. Volgens Jung (1969) het almal skadu-kante waarvan hulle onbewus is. Alhoewel sommige van die skadumateriaal positief mag wees, bestaan dit gewoonlik uit die materiaal waarvan die persoon nie van homself hou nie.

'n Voorbeeld is dié van 'n jong kind wat geleer is dat selfgeldende gedrag verkeerd is, en dan waarskynlik hierdie gedrag na die skadu sal oordra en gevolglik nie met normale selfgeldendheid sal optree nie. Baie mense projekteer hulle skadu's na

iemand anders omdat dit te pynlik is om hierdie kwaliteite te aanvaar en daarom sien hulle dit in ander mense. Die konsepte van die skadu en projeksie het belangrike implikasies vir die begrip van haat en oorlog.

Net soos die skadu, is die anima of animus ook deel van die persoonlike onbewuste. Elke persoon het 'n kontraseksuele beeld wat deel is van homself. Dit beteken dat elke man 'n anima of vrouebeeld in sy onbewuste het en elke vrou 'n animus of manlike beeld in haar onbewuste het. Die manlike anima word geassosieer deur verwantskap terwyl die vroulike animus gekoppel is aan logos. Beide anima en animus word dikwels geprojekteer op die teenoorgestelde geslag (Jung, 1969).

2.2.1.3 *Die kollektiewe onbewuste*

Hierdie is die derde sisteem van die psige en staan ook bekend as die objektiewe onbewuste. Die dieper vlak van die objektiewe psige word saamgestel deur 'n universele struktuur in die mensdom. Diep binne die kollektiewe onbewuste is argetipes wat nie verteenwoordig kan word in en van hulself nie. Argetipes verskyn in bewustheid in die vorm van argetipiese beelde wat universele hoofidees is. Die beelde is die basiese inhoud van feëverhale, mitologieë en gelowe. Daar is ook baie argetipes waarvolgens mense lewe. Die self is die argetipe van heelheid wat die ware kern van die persoonlikheid is. Meeste individue glo die ego is die kern van persoonlikheid, maar die ego is net die setel van bewustheid. Die self is ondervind as 'n transpersoonlike krag wat groter is as die ego. Die totale persoonlikheid trek voordeel daaruit wanneer die ego verbind is met die self. Jung(1969) meen die self word ook somtyds ervaar as God.

2.2.2 Die dinamika van persoonlikheid

Jung (1969, 1971) se siening is dat die persoonlikheid as 'n energiesisteem gesien kan word. Die motivering van persoonlikheid word verduidelik in terme van die beweging van energie tussen die verskillende strukturele sisteme van die psige. Psigiese energie vloei deurlopend van die een sisteem na die ander in 'n konstante strewe na harmonie.

Jung (1969) sien lewe as 'n energieproses wat gerat is vir 'n doel. Energie word altyd gebruik in terme van 'n doel - fisies en psigologies. Hierdie selforientasie impliseer die kapasiteit om 'n vryer keuse te maak.

2.2.2.1 *Psigiese energie*

Jung (1969) gebruik die term *libido* om te verwys na die psigiese of algemene lewensproses. Psigiese energie (of libido) kan uitgedruk word in seksualiteit, maar ook byvoorbeeld in honger, in 'n begeerte of 'n beslissing van die wil. Wanneer 'n groot hoeveelheid psigiese energie gemanifesteer is in 'n spesifieke gedagte of gevoel, sal so 'n gedagte of gevoel 'n sterk invloed uitoefen op die persoon se gedrag.

Jung (1971) verwys na daardie psigiese energie of libido wat nie tot die beskikking van die bewuste is nie as instinkte. Instinkte is gedeeltelik psigologies en gedeeltelik biologies van aard. Instink is die konstruk waarin die invloed van die psige en die liggaam verenig word binne die persoonlikheid en bestaan nie in isolasie nie.

2.2.2.2 *Die beginsel van teenoorgesteldes*

Die beginsel van teenoorgesteldes verduidelik hoe psigiese energie gegenereer word. Dit is ook onderliggend aan verandering in persoonlikheid (Jung, 1971).

Teenoorgestelde kragte binne die persoonlikheid, byvoorbeeld haat en liefde, skep 'n konflik waarvandaan energie vloei. Hierdie energie word uitgedruk in gedrag. Dieselfde gebeur met teenoorgestelde waardes. Elke begeerte, gedagte of gevoel het sy teenoorgestelde. Die strukturele sisteme van die psige is in konstante opposisie met mekaar, byvoorbeeld die skadu en die ego of die bewuste en die onbewuste. Die hoeveelheid moontlike konflikte van waar energie gegenereer kan word is onbeperk. Volgens Jung (1971) kan daar geen energie wees sonder teenstellings nie, en dit geld vir beide fisiese sowel as psigiese energie. Polariteit

lei tot 'n proses van gelykmaking en die resultaat is energie. Hoe groter die konflik is, des te groter die energie wat gegenereer word.

2.2.2.3 *Die beginsels van ekwivalensie en entropie*

Jung (1971) het twee beginsels vanaf fisika (die eerste en tweede wette van termodinamika) aangeneem in 'n poging om die beweging van psigiese energie te verduidelik op dieselfde basis as fisiese energie:

* Volgens die *beginsel van ekwivalensie* sal 'n verhoging in die funksionering van een aspek van die psige saamgaan met die afname in die funksionering van 'n ander aspek.

  Die teenoorgestelde is ook waar. Indien iemand se psigologiese waarde verswak of verdwyn in 'n sekere area, sal daardie energie verskuif word na 'n ander deel van die psige. Die area waarheen die psigiese energie oorgedra word moet dieselfde psigologiese waarde hê, met ander woorde dit moet net so wenslik of begeerlik wees. Indien dit nie die geval is nie, sal die energie skuif na die onbewuste (Schultz, 1976).

* Die *beginsel van entropie* verwys na die proses binne die psige waarbinne elemente van ongelyke krag daarna streef om ekwilibrium te bereik. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer psigiese energie gekonsentreer is binne die onbewuste op 'n gegewe tyd, sal die energie na die bewuste gedeflekteer word in 'n poging om balans te verkry. Ook, indien twee oortuigings verskil in psigologiese waarde, sal energie skuif van die opinie wat die sterkste geglo word na die een met minder psigologiese waarde (Jung, 1971).

2.2.3 Ontwikkeling van persoonlikheid

Volgens Jung (1969,1971) is selfaktualisering die primêre ontwikkelingstaak van 'n mens. Persoonlikheidsontwikkeling is daarom 'n dinamiese proses wat regdeur 'n mens se lewe plaasvind.

2.2.3.1 *Selfaktualisering*

Volgens Jung (1969, 1971) is selfaktualisering beide teleologies en oorsaaklik van aard. Persoonlikheid word bepaal deur wat die persoon hoop om te wees sowel as wat hy is.

Jung (1969) beskryf twee beginsels wat onderliggend is aan groei en selfaktualisering, naamlik individuasie en transendentasie:

* *Individuasie* verwys na die proses waarby die sisteme van die psige die volste mate van differensiasie en ontwikkeling bereik. Individuasie is 'n ingebore en onvermydelike proses. Dit sal plaasvind, maar dit mag beperk of aangehelp word deur omgewingsfaktore.

* *Transendentasie* verwys na die integrasie van die verskeie sisteme van die psige om sodoende eenheid en harmonie binne die psige te bereik, sowel as eenheid met die mensdom.

  Individuasie lei tot verskeidenheid binne die psige, terwyl transendentasie eenheid, integrasie en harmonie bring in die ontwikkeling van die self as die hoogste vorm van integrasie.

2.2.3.2 *Stadia van ontwikkeling*

Jung (1969) sien gedrag as doelgerig en beskryf algemene stadia van ontwikkeling:

* Pre-seksuele periode

Spesifieke geneigdhede of ontvanklikhede om te reageer op 'n spesifieke manier onder spesifieke omstandighede is oorgeërf. Persoonlikheid of die persoon se karakteristieke is nie direk oorgeërf nie.

Die bewuste begin ontwikkel wanneer die kind begin om betekenis te skep deur die koppeling van twee of meer inhoude. In verdere ontwikkeling verskyn die ego. Dit

vind plaas wanneer die kind begin om subjek/objek onderskeidings te maak.

Die seksuele instink is nie aktief in hierdie stadium nie en die belangrikste funksies is om te eet en te groei.

* Prepuberteit

Hierdie fase begin tussen die ouderdom van drie en vyf jaar en word gekenmerk deur die vinnige uitbreiding van die bewuste, veral as 'n resultaat van die invloed van die skool. Dit is ook die periode waarin die seksuele instinkte begin ontkiem.

* Puberteit

Dit is die periode waarin 'n groot mate van differensiasie plaasvind, veral ten opsigte van seksualiteit, loopbaankeuse, sosialisering en identiteit. Dit alles dra by tot die feit dat die persoon ook begin om homself van sy familie te differensieer.

* Jeug

Hierdie fase kom voor tot ongeveer 35 tot 40 jaar en behels dat die persoon trou, 'n familie begin en gevestig raak in 'n betrekking.

Hierdie verantwoordelikhede beteken dat nuwe kennis verwerf word en dat nuwe betekenis gevorm word wat onderliggend is tot die uitbreiding en ontwikkeling van die bewuste. Al hierdie element maak hierdie 'n baie belangrike fase van die lewe.

* Middeljare fase

Die primêre eienskappe van hierdie fase is die uitbreiding van die bewuste deur nuwe ervarings en kennis. Die mid-lewensfase kondig die tweede helfte van lewe aan en die fokus skuif na die onbewuste.

Die mid-lewe is die periode waarin die individu begin om aandag te gee aan daardie innerlike aspekte van homself wat hy tot nou verwaarloos het en waarin hy insig ontwikkel in dimensies waarvan hy nie bewus was nie.

* Bejaardheid

Hierdie stadium begin tussen 60 en 65 jaar. Gedurende hierdie fase het die persoon 'n wonderlike geleentheid vir individuasie. Hierdie stadium behoort ook gekenmerk te word deur die ontwikkeling van 'n balans of harmonie deur die versoening van teenoorgestelde kragte omdat die individu ervaring het van so baie situasies en hul teenoorgesteldes tot en met hierdie fase.

Hierdie harmonie (dus selfaktualisering) volg ook met die versoening van die teenoorgesteldes van lewe en dood.

## 2.3 TREK EN TIPE TEORIEë

In die soeke na 'n model wat persoonlikheidsorganisasie beskryf het daar ook twee velde of konsepte ontwikkel oor menslike gedrag, naamlik "trek" en "tipe" teorieë.

Volgens Gouws et al (1984, p.67) dui die konsep trek op die psigiese kwaliteite of eienskappe van 'n persoon; Psigiese eienskappe (trekke) is neigings of disposisies van 'n persoon om in sekere situasies op sekere wyses te handel. Dit word aan 'n persoon toegeskryf op grond van waarnemings in verskeie situasies waar hy sekere soortgelyke gedragswyses konsekwent geopenbaar het, of op grond van psigologiese toetse. Psigologiese eienskappe word bepaal deur die interaksie tussen 'n persoon se genetiese samestelling en die omgewing. Gewoonlik word onderskei tussen oorgeërfde en kongenitale, en verworwe eienskappe".

Volgens Eysenck & Eysenck het Allport 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van die trek-konsep. Hy het dit ook duidelik gestel dat persoonlike trekke nie direk waarneembaar is nie, maar afgelei moet word van waarneembare gedrag.

Die term tipe dui in die moderne persoonlikheidsteorie op 'n konsep wat sekondêr is en tot stand gebring word deur die term trek. Trekke word dikwels geïnterkorreleer en hierdie interkorrelasies gee aanleiding tot die vorming van 'n tipe. Tipe-konsepte soos ekstroversie/introversie is gepostuleer, aangesien daar in elke geval 'n aantal trekke is wat korreleer met mekaar en sodoende aanleiding gee tot die vorming van

'n hoër-orde konsep, naamlik tipe.
Gouws et al (1984, p.307) definieer tipe as volg:

> "'n Patroon van eienskappe wat gewoonlik saam voorkom, wat van ander patrone onderskei kan word, en wat dien as 'n basis vir klassifisering van individue."

Die verskil tussen trek en tipe is dus geleë in die breër en groter inklusiwiteit van die tipe konsep. Volgens Quenck (1993) kan die verskille tussen tipe teorieë en trek teorieë soos volg opgesom word:

| TREK | TIPE |
|---|---|
| *Universele verskille in die hoeveelheid waaroor beskik. | *Kwalitatief onderskeidende ingebore voorkeur. |
| *Behels die meting van aantal of hoeveelheid | *Behels sortering in kategorieë.<br>*Bimodale (skewe) verspreiding |
| *Normale verspreiding | *Midpunt onderskeidende kategorieë belangrik vir diskriminasie |
| *Ekstreme telling belangrik vir diskriminasie | *Tellings wys vertroue in die sorteringsprosedures |
| *Tellings wys die hoeveelheid van die trek waaroor beskik | |
| *Gedrag word veroorsaak deur trekke (Reduktief) | *Gedrag is 'n uitdrukking van tipe (Doelbewus) |
| *Te veel of te min is dikwels negatief of diagnosties. | *Te veel of te min is irrelevant. |

## 2.4 JUNG SE TEORIE VAN TIPES

Volgens Eysenck & Eysenck (1985, p.15) was Jung een van die bekendste tipe-sielkundiges. Eysenck & Eysenck (1985) meen dat waar Kant en Wundt uitsluitlik belang gestel het in die beskrywende funksie van 'n tipologie, ander prominente

skrywers soos Gross en Jung meer belang gestel het in oorsaaklike faktore.

Carl Gustav Jung (1875-1961) is gebore in 'n klein dorpie Kesswyl, aan die meer van Konstanz in Switserland. Hy was die seun van 'n predikant en het in 'n religieuse omgewing groot geword wat ook weerspieël word in sy teorie. Nadat hy aanvanklik argeologie wou bestudeer het hy nà 'n droom besluit om 'n mediese dokter te word soos sy oupa. Terwyl hy sy internskap by 'n hospitaal in Zürich gedoen het, het hy vir die eerste keer kennis gemaak met Freud se psigoanalitiese beskouings. Nadat hy in 1906 aan Freud geskryf het, het 'n jarelange vriendskap en professionele samewerking ontstaan wat in 1913 beeïndig is nadat daar onversoenbare teoretiese beskouings ontstaan het tussen hulle. Jung het sy eie rigting en idees ontwikkel oor die onderbewussyn van die mens (Massey, 1981). Meyer et al (1988, p.79) skryf "Jung kon nie Freud se meganistiese mensbeskouing, waardeur die individu as die produk van 'n verdronge seksuele verlede gesien word, aanvaar nie." Volgens Meyer et al (1988) plaas Jung benewens 'n deterministiese verlede, ook die klem op 'n teologiese toekomsperspektief.

Jung se model oor psigologiese tipes is gemoeid met 'n individu se psigiese energie en die wyse waarop 'n individu uit gewoonte of uit voorkeur homself oriënteer in die wêreld. In sy pogings om psigiese data te klassifiseer het Jung sekere interessante tendense in gedrag opgemerk in sommige van sy pasiënte. In die bestudering van die wyse waarop individue reageer in verskillende omstandighede het Jung herken dat elke persoon op 'n gebruiklike manier besluite neem en moeilike situasies hanteer. Hy glo dat die basis waarop mense besluite grond 'n waardevolle insig gee in die individu se psigiese sisteem van aanpassing.

Volgens Cartwright (1979) kan Jung se teorie van tipes beskryf word as 'n patroonteorie van klassifikasie waarin een of meer klasse omskryf word, elk met 'n onderskeibare patroon van eienskappe.

Volgens Jung (1971, 1990) kan elke persoonlikheid verdeel word in een van verskeie persoonlikheidstipes in terme van twee konstrukte, naamlik houdings (*attitudes*) en funksies *(functions).*

2.4.1 Houdings

As 'n psigiater het Jung dikwels gevind dat mense verskil in terme van die aktiwiteit of passiwiteit van hulle aard. Volgens Van Rooyen & de Beer (1995, p.2) het hy sy waarneming as volg geformuleer: "there is a whole class of men who, at the moment of reaction to a given situation, at first draw back a little as if with an unvoiced...no...and only after that are able to react; and there is another class who, in the same situation, come out with an immediate reaction, apparently quite confident that their behavior is self-evidently right."

Die eerste groep het hy introverte (I) en die tweede groep ekstroverte (E) genoem. Van Rooyen et al (1995, p.2) meen "Introversion and extraversion, as a typical attitude, reflects an essential bias which conditions the whole psychic process, establishes a habitual mode of reaction, and thus determines not only the style of behavior but also the quality of subjective experience."

Hierdie twee houdings verteenwoordig nie 'n digotomie nie. Elke persoonlikheid het beide introvert en ekstrovert eienskappe, maar in elke persoonlikheid is een van die houdings dominant en in die bewussyn, terwyl die ander ondergeskik en in die onderbewuste is. Die ondergeskikte houding kompenseer vir die dominante houding en omgekeerd.

Hierdie twee houdings kom ooreen met die vloei van algemene lewensenergie (of libido) en dus met die psigodinamika van die persoonlikheid. Die libido kan uitwaarts gerig (ekstrovert) of binnewaarts, tot die subjektiewe ervaringe (introvert) gerig wees. Beide houdings het positiewe en negatiewe gevolge vir ontwikkeling.

2.4.2 Funksies

Jung (1971, 1990) se teorie van persoonlikheidstipes beskryf verder die bewuste gebruikmaking van die funksies van persepsie en besluitneming.

Vir Jung was dit duidelik dat sommige mense habitueel verkies om gewig te verleen aan feite en analise wanneer hulle belangrike besluite neem. Hulle verkies om hulle denke te gebruik om die wêreld te analiseer en daarby aan te pas, en enigiets wat met hulle gebeur, word onderwerp aan oorweging en refleksie of word gesanktioneer deur analise van denke. Ander mense verkies om hulle denke te onderdruk ten gunste van menslike faktore of gevoelens. Hulle vorm 'n duidelike kontras tot die denkende tipe. Van Rooyen et al (1995, p.3) noem "The term feeling could strictly refer to the way in which a person *evaluates the worth of someone or something.* Once this definition is accepted it becomes clear that as is the case with the thinking function, feeling can be rational. Feeling values and feeling judgments are then not only rational but can also be logical, consistent and accepted as being as discriminating as thinking. The feeling function, as a mode of psychological orientation, must therefore not be confused with emotion or affect." Dit moet duidelik gestel word dat 'n persoon voorkeur kan verleen aan denke of gevoel ongeag of dit 'n introvert of ekstrovert is. Hulle sal dit egter gebruik op 'n wyse wat kenmerkend is van die lewenshouding. Hy beskryf verder ook sensasie en intuïsie as perseptiewe funksies. Hierdie funksies maak jou bewus van wat aangaan, maar dit interpreteer of evalueer nie.

Jung (1971, 1990) maak dus in sy teorie die aanname dat bo en behalwe die dominante houding, elke individu ook 'n spesifieke wyse het waarop hy/sy die wêreld waarneem en betekenis daaraan toeskryf. Hy onderskei vier sulke geestesfunksies of prosesse, naamlik: twee persepsie prosesse (aanvoeling en intuïsie) en twee beoordeling prosesse (denke en gevoel):

* **Persepsie** - Twee maniere om inligting in te samel
    # Aanvoeling (S) verwys na persepsies wat waarneembaar is deur middel van die sintuie. Aanvoeling bepaal wat bestaande is en neig om te fokus op die onmiddellike ervaring, op feite, op detail en die praktiese. Dit is dus die aanvanklike ervaring van 'n verskynsel sonder enige evaluasie.

    Die woord aanvoeling is 'n vertaling van die woord *sensing* soos

gebruik deur Jung en word deur die letter S verteenwoordig in die Myers-Briggs Type Indicator.

# Intuïsie (N) verwys na die persepsies van moontlikhede, betekenis en verhoudings deur middel van insig. Intuïsie laat persepsie verder toe as wat sigbaar is vir die sintuie en neig om te fokus op die abstrak, oorsprong, toekoms, patrone en tendense. Dit is dus persepsie deur die onbewuste.

Die woord intuïsie is 'n vertaling van die woord *intuition* soos gebruik deur Jung en word deur die letter N verteenwoordig in die Myers-Briggs Type Indicator.

* **Beoordeling** - Twee maniere om besluite te neem

# Denke (T) is die funksie wat idees bymekaar laat inskakel deur logiese konneksies te maak. Dit steun op die beginsels van oorsaak en gevolg en neig om meer onpersoonlik en analities te wees en is gemoeid met beginsels van regverdigheid en billikheid. Dit verwys dus na die kognitiewe prosesse en behels die redelike en logiese interpretasie van geheue sodat dit betekenis ontwikkel.

Die woord denke is 'n vertaling van die woord *thinking* soos gebruik deur Jung en word deur die letter T verteenwoordig in die Myers-Briggs Type Indicator.

# Gevoel (F) is die funksie waar besluite geneem word deur die opweeg van relatiewe waardes en meriete van sake. Daar is 'n kapasiteit vir warmte, menslike belang en die bewaring van die waardes van die verlede. Dit is dus die subjektiewe evaluasie van ervarings in terme van emosies soos byvoorbeeld liefde, simpatie en haat.

Die woord gevoel is 'n vertaling van die woord *feeling* soos gebruik deur Jung en word deur die letter F verteenwoordig in die Myers-Briggs Type Indicator.

Jung (1971,1990) verwys na denke en gevoel as rasionele funksies omdat hulle evaluasie insluit. Aanvoeling en intuïsie, aan die ander kant, behels passiewe

opname sonder die interpretasie daarvan, en daarom word daarna verwys as irrasionele funksies. Net soos met houdings glo Jung dat een funksie van die bipolêre teenoorgesteldes swakker en ondergeskik is aan die ander. Die dominante funksie is die mees gedifferensieerde funksie, gevolg deur die oorblywende paar, met die mins gedifferensieerde funksie in die ondergeskikte posisie. Enige van die vier funksies kan dominant wees.

Daar is dus denke, gevoel, aanvoeling of intuïtiewe tipes mense. 'n Geïntegreerde of self-geaktualiseerde persoon sal iemand wees wat al vier funksies gebruik in die strukturering van sy/haar ervarings.

2.4.3 <u>Persoonlikheidstipes</u>

Jung (1971, 1990) het onderskei tussen agt persoonlikheidstipes deur 'n kombinasie te maak van die individu se dominante houding en funksie. Hierdie persoonlikheidstipes is op die basis van twee houdings en vier funksies gebou en beskryf soos volg:

* *Ekstroverte denke tipe*
  Hulle gebruik hul denke om die wêreld om hulle te bestuur. Hulle organiseer feite en prosesse vooraf, definieer hul doelwitte en wend 'n sistematiese poging aan om hierdie skedules op tyd te bereik. Deur te steun op denke word hulle logies, analities, dikwels krities, onpersoonlik en dit is onwaarskynlik dat hulle deur enigiets oortuig sal word behalwe deur beredenering.

* *Introverte denke tipe*
  Hulle gebruik hul denke om die wêreld te analiseer en nie te bestuur nie. Hulle organiseer idees en feite, nie situasies of mense nie - behalwe as hulle moet. Hulle vertroue op denke maak hul logies, onpersoonlik, objektiewelik krities, en dit is onwaarskynlik dat hulle deur enigiets anders as beredenering oortuig sal word. Hul fokus is op die onderliggende beginsels liewer as die taak of objek ditself.

* *Ekstroverte gevoel tipe*

  Hierdie persone straal warmte en broederskap uit. Die vertroue op gevoel gee hulle 'n baie persoonlike benadering tot die lewe omdat gevoel alles beoordeel vanuit 'n stel persoonlike waardes. Hul fokus is op die mense rondom hulle en hulle plaas 'n hoë premie op harmonieuse menslike kontak. Hulle is vriendelik, taktvol, simpaties en kan omtrent altyd die regte gevoelens verwoord.

* *Introverte gevoel tipe*

  Hierdie tipe het 'n rykdom van warmte en entoesiasme maar mag dit eers wys wanneer hulle bekend is met ander. Vertroue op gevoel lei hulle daartoe om alles te beoordeel na aanleiding van persoonlike waardes. Hulle weet wat belangrik is vir hulle en sal dit tot alle koste beskerm. Lojaliteite en ideale regeer hul lewens. Hul diepste gevoelens word selde uitgedruk omdat hul teerheid en passievolle oortuigings versteek word agter stille gereserveerdheid.

* *Ekstroverte aanvoeling tipe*

  Hulle maak deel uit van die aanpasbare realiste, wat goedgeaard is en die feite rondom hulle aanvaar en gebruik. Hulle weet wat die feite is aangesien hulle meer waarneem en onthou as enige ander tipe. Hulle weet wat aangaan, wie wat wil hê en wie nie. En hulle beveg nie hierdie feite nie. Daar is 'n soort van passiewe ekonomie in die manier wat hulle situasies hanteer deur nooit die moeilike manier te neem wanneer 'n makliker een sal werk nie.

* *Introverte aanvoeling tipe*

  Hierdie tipe is spesifiek baie betroubaar deur die kombinasie van voorkeure. Hulle gebruik hul gunsteling proses, naamlik aanvoeling in hul innerlike lewe en baseer hul idees op 'n diep, soliede akkumulering van gestoorde indrukke wat hulle redelike onbuigsame idees gee. Hulle het derhalwe 'n volledige, realistiese, praktiese respek vir beide die feite en vir watter

verantwoordelikhede hierdie feite skep. Aanvoeling verskaf hierdie feite, en na die introvert se eienskap van 'n pouse vir reflektering, aanvaar hul beoordeling die verantwoordelikheid.

* *Ekstroverte intuïsie tipe*
  Hierdie individue is die entoesiastiese innoveerders. Hulle sien altyd nuwe moontlikhede - nuwe maniere om dinge te doen - en gaan voluit in hul najaging daarvan. Hulle het baie verbeelding en initiatief vir oorspronklike projekte asook baie impulsiewe energie om dit uit te voer. Hulle is selfversekerd oor die waarde van hulle inspirasies, onvermoeid by die probleme betrokke, en vindingryk met die moeilikhede. Hulle raak so betrokke met die huidige probleme dat hulle aan niks anders dink nie.

* *Introverte intuïsie tipe*
  Hulle is die groot innoveerders op die gebied van idees. Hulle vertrou hul intuïtiewe insigte in die verhoudings en betekenis van dinge, ongeag die bestaande outoriteit of gewilde menings. Hulle vertrou hul visie van die moontlikhede, ongeag die universele skeptisisme. Hulle wil ook sien dat hul idees werk, aanvaar en toegepas word in die praktyk.

## 2.5 'n VERLENGING VAN JUNG SE TIPE TEORIE

Myers (1980) het geglo dat 'n persoonlikheidsteorie mense moet voorstel en verklaar soos hulle is. Sy het dan ook gevoel dat Jung se teorie uitgebrei moet word om die volgende drie essensiële elemente te bevat, naamlik:

* die konstante teenwoordigheid van die hulpproses;
* die resultaat van die kombinasies van persepsie en beoordeling; en
* die rol van die hulp funksie in balansering van introversie-ekstroversie

Die essensie van Jung se omvattende teorie, soos geïnterpreteer deur die MBTI, is dat voorkeur gedrag verwant is aan twee stelle van houdings (I-E, J-P) en vier basiese funksies of prosesse (S-N, T-F). Opsommenderwys kan dit dus as volg

uiteengesit word:

* Persepsie (Aanvoeling of Intuïsie) - Twee maniere waarop inligting ingesamel word.
* Beoordeling (Denke of Gevoel) - Twee maniere om besluite te neem.
* Verskille in oriëntasie (Ekstraversie of Introversie)
* Verskillende benaderings tot struktuur (Oordeel of Persepsie).

Volgens Jung se tipe-teorie word die vier basiese funksies (aanvoeling, intuïsie, denke en gevoel) gereeld deur almal gebruik. Dit is deel van menswees. Almal neem die realiteit waar in die teenswoordige tyd en stoor data (aanvoeling); almal sien patrone en betekenisse in feite (intuïsie); almal pas logiese kriteria in besluitneming toe (denke); en almal gebruik waardes in besluitneming (gevoel). Maar almal gebruik nie die vier funksies op dieselfde manier, kry dieselfde energie van hulle, of gee gelyke gewig aan hulle nie. Daar is egter 'n volgorde waarin mense tipies die gebruik van die vier voorkeure verkies en ontwikkel. Die terme wat gebruik word om na die vier funksies te verwys is:

* Die *dominante funksie* - grootste voorkeur, eerste ontwikkel en meeste gesteun op en vertrou.
* Die h*ulp funksie* - die tweede voorkeur en ontwikkel en dit verskaf balans.
* Die *tersiêre funksie* - normaalweg die derde in die volgorde in terme van gebruik en ontwikkeling.
* Die *ondergeskikte funksie* - normaalweg die mins ontwikkelde en gebruikte van die vier.

Myers (1980) meen dat mense gebalanseerd is wanneer hulle 'n sekondêre proses genoegsaam ontwikkel het om as hulp te dien vir die dominante proses. Indien die dominante proses 'n beoordeling een is sal die sekondêre proses persepsie georiënteerd wees, met ander woorde aanvoeling of intuïsie. Indien die dominante proses persepsie georiënteerd is sal die hulpproses beoordeling wees, met ander woorde denke of gevoel. Die hulpproses word dus altyd gevorm in die dimensie waarin die dominante proses nie is nie.

Coetzee (1996, p.56) haal aan: "Good personality type development thus demands that the auxiliary supplements the dominant process in two respects. It must supply a useful degree of balance not only between perception and judgment but also between extraversion and introversion. To live happily and effectively in both worlds, people need a balancing auxiliary that will make it possible to adapt in both directions - to the world around them and to their inner selves. When it fails to do so it leaves the individual literally "unbalanced", retreating into the preferred world and consciously or unconsciously afraid of the other world" (Myers, 1980).

Wanneer die hulpproses in ag geneem word, verdeel dit elk van Jung se persoonlikheidstipes in twee. Daar is dus sestien persoonlikheidstipes in plaas van Jung se oorspronklike agt. Elkeen van hierdie persoonlikheidstipes is 'n logiese gevolg van 'n voorkeur en is verwant aan die ander persoonlikheidstipes wat van dieselfde voorkeure het.

### 2.5.1 Die vier bipolêre voorkeure

Die Myers-Briggs Type Indicator (MBTI) is deur Isabel Briggs Myers en haar moeder Katherine Cook Briggs ontwikkel as 'n objektiewe meting van Jung se teorie (1921 en 1926) van psigologiese tipes. Die MBTI vraelys se items is gemoeid met vier bipolêre voorkeure om die relatiewe voorkeure in verhouding tot mekaar te bepaal. Die vier skale kom ooreen met die vier dimensies van die persoonlikheidstipe teorie en word soos volg beskryf:

* *Ekstroversie houding (E) of Introversie houding (I)*

By die ekstroversie houding (E) word interaksie met die omgewing gesoek en gee hulle gewig aan gebeure in die wêreld rondom hulle.

By die introversie houding (I) word kontak met die binne-wêreld gesoek en word gewig gegee aan konsepte en idees om gebeure te begryp.

* *Aanvoeling persepsie (S) of Intuitiewe persepsie (N)*

Wanneer aanvoeling persepsie (S) verkies word stel die individue belang in wat eg, onmiddellik, prakties en waarneembaar deur hul sintuie is.

Wanneer die intuitiewe persepsie (N) verkies word stel hulle belang in toekomstige moontlikhede, onderliggende betekenisse en simboliese of teoretiese patrone wat deur insig ontwikkel word.

* *Denke beoordeling (T) of Gevoel beoordeling (F)*

'n Voorkeur vir denke beoordeling (T) beteken dat individue rasioneel besluit deur 'n proses te volg van logiese analise van oorsaak en gevolg.

Wanneer gevoel beoordeling (F) verkies word besluit individue rasioneel deur gewig te verleen aan die relatiewe belangrikheid of waarde van die alternatiewe.

* *Beoordeling (J) of Persepsie (P)*

Wanneer 'n individu in sy oriëntasie tot die wêreld beoordeling (J) gebruik, geniet hy/sy dit om vinnig besluite te neem en geniet ook organisering, beplanning en strukturering.

Wanneer individue in hul oriëntasie tot die wêreld persepsie (P) gebruik, is hulle altyd nuuskierig en oop vir verandering en verkies om opsies oop te hou ingeval iets beter sou voorval.

### 2.5.2 Die sestien Persoonlikheidstipes

'n Individu se persoonlikheidstipe word bepaal deur die kombinasie van die twee stelle van houdings (I-E, J-P) en vier basiese funksies of prosesse (S-N, T-F).

Tabel 2.1: Die sestien persoonlikheidstipes.

| | BEOORDELING | WAARNEMEND | WAARNEMEND | BEOORDELING |
|---|---|---|---|---|
| DENKE | ESTJ | ESTP | ISTP | ISTJ |
| GEVOEL | ESFJ | ESFP | ISFP | ISTJ |
| GEVOEL | ENFJ | ENFP | INFP | INFJ |
| DENKE | ENTJ | ENTP | INTP | INTJ |

## 2.6 HOOFSTUKSAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n literatuurstudie oor die begrip persoonlikheid, persoonlikheidsteorieë en persoonlikheidstipes weergee.

# HOOFSTUK 3 SALUTOGENESE

'n Literatuuroorsig word in hierdie hoofstuk gegee oor die salutogeniese paradigma en meer spesifiek die konstrukte binne hierdie paradigma. Die salutogeniese persoonlikheidskenmerke soos dit in die literatuur voorkom sal ook bespreek word.

## 3.1. 'n NUWE BENADERING TOT GESONDHEIDSIELKUNDE

Reeds in die vroegste mediese geskrifte is daar aangeneem dat sekere dimensies van persoonlikheid fisiese gesondheid kan beïnvloed (McMahoh, 1976). Die Griekse filosofie wat die vroegste medici in die Hippokrates tradisie beïnvloed het, het interne balans as ideale staat voorgehou. Die invloed van die psige op die liggaam is dus van die vroegste tye binne die mediese wetenskap aanvaar (Breed, 1997). In die dertiger jare het die klem op balans verskuif na die patogeen wat 'n spesifieke siekte veroorsaak. Dit kan gesien word as die oorsprong van die patogeniese paradigma (Breed, 1997).

Die patogeniese paradigma berus op die aanname dat fisiese, biochemiese, mikrobiologiese, psigososiale en kulturele patogene siekte veroorsaak. Daarom is die patogeniese (patologiese) benadering volgens Strümpfer (1988:4) oor die algemeen gefokus op die oorsaak van siektes en siektetoestande om sodoende maniere te vind om weerstand en voorkoming daarteen te bied. Volgens Strümpfer (1988) is die konsep homeostase ook fundamenteel tot die patogeniese paradigma. Dit impliseer dat die normale toestand van die menslike organisme 'n relatiewe konstante kondisie is, wat tydens omstandigheidsvariasies deur komplekse interaktiewe regulerende meganismes onderhou word. Wanneer hierdie homeostase versteur word deur patogene en stressors en die regulerende meganismes funksioneer nie na wense nie, tree siekte in. (Strümpfer 1988:4).

Freud het as deel van sy werk as medikus psigodinamiese tegnieke gebruik om histeriese toestande te genees. Hy het van die veronderstelling uitgegaan dat onderdrukte emosionele inhoude tot siekte aanleiding kan gee. Dit kan gesien word as die totstandkoming van gesondheidsielkunde (Feuerstein, 1986; Friedman, 1991).

Navorsing oor die invloed van persoonlikheid op gesondheid het toegeneem en soveel momentum gekry, dat dit gelei het tot die totstandkoming van 'n afdeling vir gesondheidsielkunde in die American Psychological Association in 1978 (Breed, 1997). Die tradisionele benadering tot gesondheidsielkunde is beïnvloed deur die mediese benadering, en is gekenmerk deur pogings om uit te vind wat siekte veroorsaak. Alhoewel hierdie benadering verreweg die grootste fokusarea binne die stres-navorsingsveld is, is daar 'n toenemende aantal navorsers wat die siening huldig dat ander faktore wat gesondheid bevorder en dien as weerstand teen ineenstortings verdere navorsing regverdig. Hierdie navorsers is onder meer Antonovsky, 1979, 1987; Ben-Sira, 1985; Hobfall, 1989; Kobasa, 1982; Sutton & Kahn, 1986; Watson & Clarke, 1984. Hoewel elkeen van hierdie skrywers die kwessie vanuit verskillende perspektiewe benader, is hulle eenstemmig daaroor dat die veld van stres 'n komplekse een is en dat daar ook ander faktore is wat in aanmerking geneem behoort te word.

Strümpfer (1990:266) gee 'n kort samevatting van die ontstaan en oorsprong van die salutogeniese paradigma as nuwe denkrigting en wys uit dat hy die eerste aanduiding daarvan in die werk van Super (1955) gevind het, en later in die werk van die derdemag-sielkundiges soos Maslow (1954, 1973) en Rogers (1959). Nog voor hulle het 'n neurochirurg, Goldstein (1939), se skrywe egter reeds na salutogenese verwys. Antonovsky (1979) het egter die verwysingsraamwerk van salutogenese begin gebruik en dit geformaliseer. Nog later het Strümpfer (1990) resente literatuur saamgevoeg en 'n breër en meer omvattende beskouing van die verwysingsraamwerk gegee wat nie slegs Antonovsky se sin vir koherensie insluit nie, maar ook die konsepte van Kobasa (persoonlikheidsgehardheid), Rosenbaum (aangeleerde vindingrykheid), Ben-Sira (potensie) en Thomas en Colerick se stamina. Hierdie belangrike konsepte sluit almal aspekte van salutogenese in en word daarom bespreek onder die konstruk van salutogenese. Die konsepte van Rotter (1954), White (1959) en Deci (1975) word ook deur Strümpfer (1990:266) genoem as verbandhoudend met die salutogeniese konstruk, maar word nie in die onderhawige navorsing bespreek nie, aangesien dit nie so duidelik deel van die nuwe paradigma (p. 265) vorm nie.

Die salutogeniese paradigma toon bepaalde ooreenkomste met sekere uitgangspunte van die behaviorisme, sowel as met sekeres uit die humanistiese sielkunde.

## 3.2. DIE SALUTOGENIESE PARADIGMA

Antonovsky stel die konsep salutogenese voor wat verwys na die oorsprong van gesondheid. Die Salutogeniese oriëntasie is nie net die teenoorgestelde kant van 'n muntstuk van die patogeniese benadering nie (Antonovksy 1987:2). Strümpfer (1990:268) verwys daarna as twee teenoorgestelde, maar komplementêre standpunte, wat mekaar verryk en stimuleer tot groei.

In Antonovsky (1987) se definiëring van die salutogeniese paradigma word van die veronderstelling uitgegaan dat die fundamentele oorsprong daarvan daarin lê dat heterostasie en toenemende entropie die kerneienskappe van alle organismes is – "heterostasis, disorder, and pressure toward increasing entropy as the proto-typical characteristic of the living organism" (1987:2).

Antonovsky (1979) meen dat stressors altyd aanwesig is in die menslike bestaan, of te wel dat die menslike kondisie op sigself al stresvol is. Hy som sy perpleksiteit met die volgende stelling op:

> "Given the ambiquity of pathogens - microbiological, chemical, physical, psychological, social and cultural - it seems to me self-evident that everyone should succumb to this bombardment and constantly be dying" (p.13).

Aangesien dit nie die geval is nie, vra hy vrae soos hoeveel van ons is in staat om gesond te bly (p.9), hoe enige iemand aan die lewe bly (p.14) en waar die sterkte vandaan kom (p.7).

Antonovsky (1984:3-4; 1987:3-13) bespreek ses stellings wat die salutogeniese oriëntasie onderlê:

- Eerstens redeneer hy dat dit nodig is om weg te doen met die patogeniese digotomie dat mense òf siek òf gesond moet wees, ten gunste van 'n salutogeniese klassifikasie van die mens wat funksioneer iewers tussen die eindpunte op 'n multidimensionele kontinuum van gesondheidsgesteldheid/-ongesteldheid. Dit impliseer dat daar geen enkele posisie is waarheen lewende organismes aanhoudend

terugkeer nie. Inteendeel, dit stel voor dat daar beweging is tussen twee posisies - die teoretiese pole van totale gesondheid en terminale siekte. Hy meen: "As long as we are alive, we are in part healthy and in part sick" (1979:5). Hy glo dat 'n fundamentele benadering tot stres nie behoort te fokus op òf 'n gesondheidsgeoriënteerde klem, òf 'n siektegeoriënteerde posisie nie. 'n Begrip van beide oriëntasies sal bydra tot 'n meer holistiese begrip van gesondheid. Twee gevolge van hierdie klemverskuiwing is dat vrae gestel kan word oor die totale kontinuum en dat die totale populasie bestudeer kan word, eerder as net klein hoeveelhede mense wat sekere siektes onder lede het (Strümpfer, 1990).

- Tweedens verwerp die salutogeniese model die algemeen aanvaarde aanname dat stressors inherent sleg is (Antonovsky, 1979, 1984a). Wat deurslaggewend is, is dat die gevolge daarvan afhang van 'n persoon se <u>respons</u> tot die stressor. Sommige mense behou hul posisie op bogenoemde kontinuum, terwyl ander selfs nader aan die gesondheidspool beweeg. Antonovsky (1979) meen dat die stressors 'n toestand van spanning in 'n persoon wek; indien die spanning swak bestuur word ontstaan stres en daarmee gepaard potensiële ongesondheid. Indien dit egter goed bestuur word kan die stressor neutraal bly of selfs gesondheidsversterkend word (Strümpfer:1990).

In teenstelling met die patogeniese vraag hoe 'n stressor uitgeroei kan word, is die salutogeniese vraag: "Hoe kan ons leer om met die stressor saam te leef, goed met hulle saam te leef, en moontlik hul bestaan tot ons voordeel aan te wend?" (Antonovsky, 1984b).

- 'n Derde implikasie van die salutogeniese oriëntasie is dat ons die afwykende geval moet bestudeer (Antonovsky, 1984a, 1984b, 1987). Antonovsky wys daarop dat die fokus binne die patogeniese benadering op die bevestiging van hipoteses berus, met ander woorde, dit bevestig die verhouding tussen 'n patogeen of stressor en 'n gegewe uitkoms (byvoorbeeld rook en longkanker). Die navorser wat die salutogeniese benadering volg kyk na daardie mense wat onderhewig is aan dieselfde toestande, maar wat nie siek word nie (byvoorbeeld rokers wat nie longkanker kry nie) en probeer dan die redes daarvoor vind. Patogenese is tevrede met die bevestiging van hipoteses, terwyl salutogenese na die afwykende gevalle kyk. Antonovsky (1984b: 117) is van mening dat "the deviants are those who make it against the high odds that

human existence poses".

- Daar word verder op die totale individu, insluitende sy siekte of gesondheid, gefokus en nie net op 'n enkele aspek van siekte nie.

- Dit skuif die fokus vanaf stressors wat veroorsaak dat die mens siek raak, na hanteringshulpbronne wat help dat die mens ten minste sy posisie op die kontinuum behou en na die optimale pool beweeg.

- Die soek na algemene weerstandshulpbronne in die verwerking van stres, eerder as die soek na 'n oplossing vir siektes.

Salutogeniese navorsing is ontwerp om hipoteses te toets wat:

* suksesvolle (gesonde) resultate/uitkomste verduidelik;
* ontwerp is om aandag te gee aan die afwykende geval in terme van data-ontleding en bespreking; en
* die moontlikheid aanvaar dat stressors voordelige of heilsame gevolge kan hê (Strümpfer, 1990).

### 3.3 SALUTOGENIESE KONSTRUKTE

Antonovsky (1987) identifiseer sekere navorsers wat potensieel met die salutogeniese paradigma geassosieer kan word, asook konstrukte wat potensieel binne die salutogeniese paradigma gekonseptualiseer en geoperasionaliseer word. Die kriterium vir insluiting in die salutogeniese paradigma is dat die konstrukte telkens fokus op die individu in sy/haar totaliteit en op aspekte wat 'n positiewe bydrae tot gesondheid lewer (Breed 1997:43).

Die salutogeniese konstrukte wat onafhanklik ontwikkel het is Antonovsky (1979, 1987) se sin vir koherensie, Kobasa (1982a) se persoonlikheidsgehardheid, Ben-Sira (1985) se mag of potensie, Thomas (1981) se stamina, en Rosenbaum (1988) se aangeleerde vindingrykheid. Strümpfer (1990) maak ook melding van ander salutogeniesverwante

konstrukte naamlik Rotter se interne/eksterne lokus van kontrole, De Charms se persoonlike veroorsaking, Kohn en Schuler se openhartigheid teenoor die self, Bandura se selfwerksaamheid, Crandall se sosiale belangstelling en Lefcourt en Martin se sin vir humor. Hierdie konstrukte kom egter minder prominent as die eersgenoemdes voor in die salutogeniese paradigma en gesondheidsielkunde.

Die konstrukte wat bespreek gaan word is persoonlikheidsgehardheid, aangeleerde vindingrykheid, potensie, stamina en sin vir koherensie. Die konstruk sin vir koherensie word in diepte bespreek aangesien dit in die onderhawige empiriese navorsing gebruik word.

### 3.3.1 Persoonlikheidsgehardheid

Die konstruk persoonlikheidsgehardheid, soos deur Kobasa gekonseptualiseer, word vervolgens bespreek.

Kobasa, Maddi en Kahn (1982:168) omskryf persoonlikheidsgehardheid as "a constellation of personality characteristics that function as a resistence resource in the encounter with stressful life events".

Kobasa het gehardheid voorgestel as 'n globale persoonlikheidskonstruk/-styl wat die stres-gesondheid-verhouding modereer. Sy meen ook dat dié persoonlikheidstyl transformasionele hantering aanmoedig. Hierdie styl is verder 'n mengsel van kognisie, emosie en aksie wat nie slegs oorlewing nie, maar ook die verryking van die lewe deur ontwikkeling ten doel het (Kobasa, Maddi & Courington, 1981). Kobasa (1982:169) is van mening dat persoonlikheidsgehardheid uit drie elemente of komponente bestaan, naamlik: verbintenis, beheer en uitdaging.

* Die persoon wat 'n gevoel van verbondenheid (vs. vervreemding) met verskillende aspekte van die lewe het sal relatief gesond bly. Dit is die vermoë om te glo in die waarheid, belangrikheid en belangewaarde van wie jy is en wat jy doen. Dit het ook 'n komponent wat op andere gerig is en gebaseer is op die sin van gemeenskap, byvoorbeeld werk, familie, vriendskap en sosiale organisasies. Hierdie hipotese word

gestel aangesien die verbonde persoon doelgerig en aktief betrokke is by sy/haar eie lewe en daarom moeite sal doen om stressors te hanteer. Dit is in teenstelling met die persoon wat vervreemd is, die lewe as waardeloos evalueer en daarom nie genoegsame sin en betekenis in stresvolle gebeure sien om dit te hanteer nie.

* Beheer (vs. magteloosheid) verwys na die geneigdheid om te glo en op te tree asof die rigting van gebeure beïnvloed kan word. Die persoon wat van mening is dat hy/sy nie kontrole het nie, sal oorweldig word deur die stresvolle stimuli aangesien sy/hy hom-/haarself as magteloos beleef.

* Uitdaging (vs. bedreiging) is gebaseer op die geloof dat verandering, eerder as stabiliteit, die normatiewe staat van die lewe is en dat dit geleenthede en aansporings is vir persoonlike ontwikkeling. Die hipotese is dat die persoon wat nuwe uitdagings aanpak, al die omgewing verken het en weet watter hulpbronne beskikbaar is om stresvolle stimuli te hanteer moontlik nie so oorweldig word deur stres nie en moontlik ook vinniger herstel daarvan.

As gevolg van bogenoemde redes, behoort verbintenis, beheer en uitdaging die mens gesond te hou ten spyte van gebeure wat hy/sy teëkom wat in die algemeen as stresvol beskou kan word (Kobasa et al, 1982:170).

Kobasa et al (1981) beskryf die invloed van gehardheid op funksionering soos volg: Geharde persone is geneig om hul ervaringe as interessant en betekenisvol te beleef. Verder glo hulle dat hulle invloedryk kan wees deur dit wat hulle dink, sê en doen. In teenstelling hiermee, is persone met 'n lae gehardheid geneig om huself en die omgewing as vervelig, betekenisloos en bedreigend te ervaar. Hulle voel magteloos teenoor oorweldigende kragte en glo dat die lewe goed sou gewees het as daar geen veranderinge was nie (Kobasa et al., 1981).

### 3.3.2 Mag of Potensie

Die konstruk potensie is deur Ben-Sira (1985) bekend gestel. Ben-Sira (1985:399) definieer potensie as "a person's enduring confidence in his own capacities as well as

confidence in and commitment to his/her social environment, which is perceived as being characterized as a basically meaningful and predictable order and by a reliable and just distribution of rewards".

Hy redeneer dat die herstel van homeostase noodsaaklik is om stres te voorkom en tydens 'n gebrek daaraan in sekere gevalle tot 'n ineenstorting aanleiding kan gee. Dit is verder essensieel vir die handhawing van gesondheid. Ben-Sira sien potensie ook as 'n meganisme wat voorkom dat spanning wat ontstaan as gevolg van oneffektiewe hantering, in stres omgeskakel word weens die ontoereikende hantering daarvan. Hy beskou potensie as die uitkoms van suksesvolle hantering met gebeure in die verlede en bestaan uit bemeestering en selfwaardering. Gebrekkige potensie daarenteen, is die resultaat van 'n geskiedenis van onsuksesvolle hanteringservaringe (Strümpfer, 1990).

Ben-Sira sien potensie dus as 'n bufferveranderlike wat opereer in die herstel van homeostase wanneer dit reeds versteur is. Dit word beskou as latent en vervul 'n vertraagde homeostase stabiliseringsfunksie deur sy kapasiteit om te voorkom dat spanning oorgeskakel word in blywende stres. Dit het daarom 'n spanningsbindingskapasiteit. In hierdie terme het dit 'n treffende ooreenkoms met sin vir koherensie.

### 3.3.3 <u>Stamina</u>

Die stamina konsep vanuit 'n salutogeniese hoek is deur twee outeurs gebruik. Thomas (1980:41) gaan van die standpunt uit dat die mens met verskillende potensialiteite en ontvanklikhede gebore word en dat dit deur lewenservaring gevorm word. Sy definieer stamina as "the physical or moral strength required to resist or withstand disease, fatigue, or hardship; endurance derived from stamen 'the thread of human life'" (1980:41).

Volgens Strümpfer (1990) het Elizabeth Colerick in haar studie van patrone van veroudering ook hierdie konsep toegepas. Sy beskryf stamina in terme van die persoon se huidige gedrag, sy groeikapasiteit, persoonlike insig, lewensperspektief,

waarskynlikheid van ineenstorting en algemene bevoegdheid. Een van haar stellings ter opsomming stem baie ooreen met die stellings van Antonovsky en Kobasa: "Elderly with high stamina for managing change have learned through the years that change is inevitable, challenging and manageable ... triumph perceptions in later life flow from years of success in acting on the environment. In old age, these individuals look beyond age-related limitations for new ways to use energy-increasing understanding, extending skills, discovering more abilities" (Colerick 1985, p.1004).

### 3.3.4 Aangeleerde vindingrykheid / Vernuftigheid

Rosenbaum (1983) se konstruk aangeleerde vindingrykheid het sy oorsprong in die literatuur oor aangeleerde hulpeloosheid en gaan spesifiek oor die rol van selfkontrole en selfregulering tydens die streshanteringsproses.

Rosenbaum (1983) definieer aangeleerde vindingryk as 'n stel gedragspatrone en vaardighede waardeur 'n individu daardie interne respons wat die effektiewe werking van gedrag inhibeer, self reguleer. Die aanname is dat die meeste individue hierdie gedragspatrone in verskillende grade, sonder formele opleiding, aanleer. Volgens Rosenbaum (1988) sal enige individu in 'n stresvolle situasie pogings tot selfbeheer en selfkontrole aanwend. Die selfregulerende proses kan in drie fases verdeel word, naamlik representasie, evaluering en aksie.

- Representasie kom voor wanneer die individu bewus word van ‘n emosionele of kognitiewe reaksie as gevolg van werklike of denkbeeldige veranderinge in die omgewing of die individu self.
- Evaluasie van die veranderings in terme van die betekenis vir die individu. Sou die individu vind dat geen baat by hierdie verandering gevind kan word nie, sal dit geïgnoreer word, en die selfregulerende proses eindig hier. Sou die individu egter bedreig word, sal die situasie geëvalueer word om enige negatiewe effekte te minimaliseer en om moontlike voordele te optimaliseer.
- Indien pogings/aksies wel aangewend word om die negatiewe effek te minimaliseer kan verwys word na hantering. Volgens Rosenbaum (1988) word daar na hierdie proses van streshantering as die aksiefase in die selfregulerende proses

verwys. Alle effektiewe streshanterings sal dus die drie fases insluit.

Strümpfer (1990) dui aan dat alhoewel aangeleerde vindingrykheid 'n patogeniese oorsprong het, dit aandag binne die salutogeniese paradigma behoort te geniet. Rosenbaum (1988, p.492) stel dit duidelik: "The focus of our research should shift from studying the pathogenical parts of the human being toward studying the 'healthy' aspects of human behavior to further our understanding of how most individuals remain well adjusted despite their exposure to the stresses and strains of modern life".

3.3.5 Sutton en Kahn (1986) hipotiseer dat voorspelling, begrip en kontrole 'n teenvoeter is vir organisatoriese stres. Alhoewel hulle fokusse en definisies verwys na aspekte van die stres-spanning interaksie, is die elemente daarvan dieselfde as twee aspekte van die sin vir koherensie.

* Voorspelling is die vermoë om die frekwensie, tyd, duur en kwaliteit van gebeure in die omgewing te voorspel.
* Begrip is die kennis oor die oorsake van belangrike gebeure in die werksplek.
* Beheer is die uitoefening van effektiewe invloed oor gebeure, dinge en persone.

Die outeurs erken dat begrip, voorspelling en beheer as teenmiddels sal opereer afhangende van die aard van die stres en die persoonlikheid van die individu. Begrip en beheer in die situasie reflekteer die elemente van verstaanbaarheid en bestuurbaarheid as kritiese aspekte van 'n persoon se disposisie.

3.3.6 Schuler (1982) ondersoek ook die aspek van bestuurbaarheid en hy is van mening dat individue wat betrokke is in die proses van inligtinginsameling, die generering van alternatiewe, selektering en implementering van 'n alternatief en evaluering van die strategie, meer effektief en bekwaam is met die hantering van stres as individue wat nie sodanige benadering volg nie. Antonovsky (1987) het aangeteken dat 'n persoon met 'n sterk sin vir koherensie die instrumentele parameters van die probleem definieer, die bestuurbaarheidskomponent daaruit onttrek en sodoende sin maak uit die stressor.

3.3.7 <u>Sin vir Koherensie</u>

### 3.3.7.1 *Begripsomskrywing*

Soos reeds bespreek kan gesondheid gesien word as 'n kontinuum wat wissel van gemak tot ongemak, en dit is die Sin vir koherensie wat bepaal waar die individu op hierdie kontinuum lê. Hierdie kontinuum stem ooreen met Selye (1983) se siening dat stres wissel van eustres tot distres. Antonovsky (1979, 1987) definieer die Sin vir Koherensie as die basis-konstruk van die salutogeniese benadering.

Antonovsky (1987:19) definieer die Sin vir koherensie as "a global orientation that expresses the extent to which one has a pervasive, enduring though dynamic feeling of confidence that (1) the stimuli deriving from one's internal and external environments in the course of living are structured, predictable, and explicable; (2) the resources are available to meet the demands posed by these stimuli; and (3) these demands are challenges, worthy of investment and engagement".

In terme van die voorgestelde definisie blyk dit dat 'n sin vir koherensie 'n manier is waarop 'n individu die wêreld beskou, asook sy/haar vermoë om stressors te hanteer. Dit is dus 'n wyse van waarneming wat kognitiewe en affektiewe elemente insluit en kan beskou word as 'n belangrike element in die basiese persoonlikheidstruktuur van 'n individu (Antonovsky, 1979). Antonovsky stel dit duidelik dat 'n sin vir koherensie nie 'n hanteringstrategie is nie, aangesien dit nie 'n enkele weerstandsbron is wat in stresvolle situasies geaktiveer word nie. 'n Sin vir koherensie word dus gesien as 'n stel fundamentele reëls wat gedrag rig, waaronder ook 'n verskeidenheid van streshanteringstaktieke.

Dit is 'n blywende tendens om die lewe as min of meer georden, voorspelbaar en hanteerbaar te beskou. Indien hierdie aannames waar is, sal 'n sin vir koherensie sekere implikasies vir die individu se response op verskillende soorte stressituasies inhou (Antonovsky & Sagy, 1986).

Die term "enduring", soos weergegee in die definisie, impliseer nie dat daar geen

wisselvallighede by die mens voorkom nie. 'n Spesifieke insident (positief of negatief), kan 'n tydelike verskuiwing en/of geringe verskuiwing in terme van 'n mens se sin vir koherensie teweegbring. Sulke veranderings sal steeds rondom 'n stabiele punt op die kontinuum plaasvind (Antonovsky, 1979:124).

Uit bogenoemde definisie kom daar drie dimensies van 'n sin vir koherensie na vore waarna verwys word as verstaanbaarheid, hanteerbaarheid en betekenisvolheid.

*3.3.7.2 Dimensies van koherensiebelewing*

(a) Verstaanbaarheid

Verstaanbaarheid verwys na "the extent to which one perceives the stimuli that confront one, deriving from the internal and external environments, as making cognitive sense, as information that is ordered, consistent, structured and clear" (Antonovsky, 1987:16). Dit vorm as basis die mens se verwagting dat stimuli in die toekoms ook georden, duidelik en selfs voorspelbaar sal voorkom. Verder beteken dit ook dat die mens se persepsies vir hom kognitief sin sal maak. Dit word ook as die kernkomponent van sin vir koherensie beskou.

(b) Hanteerbaarheid

Dit word gedefinieer as "the extent to which one perceives that resources are at one's disposal which are adequate to meet the demands posed by stimuli that bombard one" (Antonovsky, 1987:17). Die belangrikste aspek is dat daar 'n belewing moet wees dat daar wel bronne beskikbaar is om die eise te hanteer, al word dit deur ander betekenisvolle, legitieme persone beheer. Cohen maak die stelling dat 'n eenvoudige persepsie van hulp wat beskikbaar is al 'n verskil kan maak sonder dat enige spesifieke ondersteuning verskaf word (Strümpfer, 1990).

(c) Betekenisvolheid

Betekenisvolheid word gesien as die motiverende dimensie van die konstruk en verwys na "the extent to which one feels that life makes sense emotionally, that at least some of the problems and demands posed by living are worth investing energy in, are worthy of commitment and engagement, are challenges that are 'welcome' rather than burdens

that one would much rather do without" (Antonovksy, 1987:18). Dit veronderstel dus dat sekere lewensareas as belangrik geag word en die eise wat daaruit voortvloei, as uitdagings beskou word.

Antonovsky (1987:19) wys daarop dat die drie komponente nou verwant is. Hy meen dat suksesvolle hantering afhang van 'n sin vir koherensie as 'n geheel en nie net op een of twee van die komponente geskoei kan wees nie. Dit is waarom die enkeltelling op die vraelys gebruik word en nie die onderskeie subtellings nie. Frenz, Carey en Jorgensen (1993:145) bevind in navorsing dat die sin vir koherensie vraelys enkeldimensioneel is, wat in teenstelling is met Antonovsky se sienings. Johnsen (1992:62) se studie bevestig ook dat die drie subtellings nie empiries skeibaar is nie.

3.3.7.3 *Algemene weerstandshulpbronne*

Vroeër is reeds genoem dat die lewe gepaard gaan met verskeie stressors wat die effek het dat dit spanning veroorsaak by 'n individu. Volgens Antonovsky (1987) kan spanning van salutogeniese aard wees maar dit kan ook lei tot stres. Volgens hom is dit van kardinale belang dat 'n onderskeid tussen hierdie twee konsepte getref word. Hy vra die vraag: "What determines whether a state of tension will be transformed into a state of stress, or will have a neutral or salutary consequence?" (p.92). Hiermee wil hy vasstel of 'n persoon wat in 'n toestand van spanning is in die een of die ander rigting van die gesondheids/siekte kontinuum gedruk gaan word. Hy redeneer voorts dat die spoed en volledigheid waarmee probleme opgelos word en spanning verlig word, spanningbestuur genoem kan word. Met ander woorde dat probleme en die effekte van stressors nie deur alle mense op dieselfde wyse bestuur word nie, maar dat diegene wat dit vinnig en volledig doen, gesien word as spanning te kan bestuur.

Antonovsky (1987) beklemtoon egter dat gedrag nie voorspel kan word op grond van kennis van 'n persoon se sin vir koherensie nie, maar wel die kwaliteit van sy gedrag.

Volgens Strümpfer (1990) het Antonovsky in 1972 die konsep bekend gestel van algemene weerstandshulpbronne, wat effektiewe spanningshantering in enige stresvolle situasie kan fasiliteer. Hierdie gedagte het egter nie die belangrikheid van

spesifieke weerstandsbronne wat in spesifieke situasies aangewend word ontken nie. In terme van sy stresmodel meen Antonovsky dus dat die persoon met 'n sterk en buigsame sin vir koherensie meer algemene weerstandshulpbronne sal mobiliseer as 'n persoon met 'n lae sin vir koherensie wat meer algemene weerstandstekorte sal vertoon. In 'n konkrete situasie sal die sin vir koherensie toegepas word in 'n kognitiewe en emosionele beoordeling van die situasie, die algemene weerstandsbronne uitsoek, glo in selfbekwaming en aanvaarding van die uitdaging van die situasie, eerder as die geneigdheid om chaos te sien en hopeloos en belas te voel.

Persone met 'n hoë sin vir koherensie het 'n redelike verskeidenheid van veralgemeende weerstandsbronne beskikbaar, in teenstelling met persone met 'n lae sin vir koherensie wat meer algemene weerstandstekorte het.

Antonovksy (1979) beskryf 'n reeks van hierdie weerstandsbronne soos volg:

* fisiese en biochemiese weerstandsbronne, byvoorbeeld immuno onderdrukkers;
* kunsmatige materiaal weerstandbronne, byvoorbeeld rykdom, waarmee kos en klere gekoop kan word, maar ook mag, status en dienste;
* kognitiewe weerstandsbronne, soos kennis (wat vaardighede insluit)
* emosionele weerstandsbronne
* hanteringstrategieë, byvoorbeeld aksieplanne om stressors te hanteer;
* interpersoonlik verwante weerstandsbronne, byvoorbeeld sosiale ondersteuning en verbintenis en;
* makro-sosiokulturele weerstandsbronne, byvoorbeeld antwoorde wat deur 'n persoon se kultuur en sosiale status verskaf word, sowel as geloof.

Die teorie aanvaar dat alle psigologiese stressors (chronies, groot lewensgebeure en akute daaglikse probleme) bemiddel word deur algemene weerstandsbronne en die sin vir koherensie.

Die sin vir koherensie het dus 'n direkte invloed op gesondheid en welstand:

1. Dit mobiliseer algemene weerstandsbronne sowel as spesifieke

weerstandsbronne;

2. Dit stel die persoon in staat om sekere stimuli of eise te definieer as onsinnig of onwelkom;
3. Dit stel die persoon in staat om spanning te bestuur deur die situasie te verander, die betekenis van die situasie te beheer, en/of die stressor te beheer.

Suksesvolle hantering van 'n stressor is dus afhanklik van die sin vir koherensie in geheel. Dit word egter aanvaar dat nie alle aspekte of sfere van 'n persoon se lewe 'n subjektiewe belangrikheid aanneem nie en daarom is dit moontlik om 'n sterk sin vir koherensie te hê alhoewel die reikwydte van die sin vir koherensie relatief eng is.

Antonovsky (1987, p.23) meen dat daar vier kritiese sfere/terreine bestaan wat van wesentlike belang is vir die instandhouding van 'n sterk koherensiebelewing, naamlik:

* die eie, innerlike gevoelens of emosies,
* die onmiddellike persoonlike verhoudings,
* die werk, en
* die eksistensiële vraagstukke soos die dood, onkeerbare mislukkings, tekortkominge, konflik en isolasie.

Die verhouding tussen sin vir koherensie, gesondheid en welstand is van so 'n aard dat indien die sin vir koherensie 'n genereerder van goeie gesondheid is, en "health has a positive influence on global estimates of one's well-being, then the two will be related, though indirectly" (1987, p.181). Daar word ook geargumenteer dat baie van die algemene weerstandsbronne wat 'n sterk sin vir koherensie bevorder ook direk verwant is aan welstand.

Samevattend kan aanvaar word dat individue in stresvolle omstandighede optree, dink en voel op voorspelbare wyses as 'n gevolg van die intensiteit of sterkte van hul sin vir koherensie, potensie, gehardheid ensovoorts. Die intensiteit of sterkte hiervan kan moontlik verklaar word deur na die persoonlikheidseienskappe of -trekke van individue te kyk aangesien dit die uitdrukking van gedrag, affek en kognisie kan illustreer en voorspel.

Beide konseptueel en empiries bestaan daar ooreenkomste tussen die sin vir koherensie en ander sienings van gesondheid, stres en streshantering.

## 3.4 SALUTOGENIESE PERSOONLIKHEIDSKENMERKE

Die salutogeniese persoonlikheidskenmerke soos geïdentifiseer in die literatuur kan volgens Holroyd & Coyne (1987) moontlik dieselfde onderliggende persoonlikheidskenmerke beskryf, alhoewel die verskillende konstrukte in salutogenese dit verskillend noem. Volgens Carmel en Bernstein (1990:51) kan na 'n sin vir koherensie verwys word as 'n persoonlikheidseienskap.

Die salutogeniese persoon blyk iemand te wees wat oor 'n optimistiese lewensbeskouing beskik. Die individu beleef die omgewing as verstaanbaar en betekenisvol. Aangesien die individu die omgewing as sodanig beleef, is daar 'n aktiewe betrokkenheid by die omgewing en is die individu gewillig om uitdagings aan te pak. Eise wat gehanteer moet word, word beskou in die lig van hulpbronne wat beskikbaar is. Hierdie hulpbronne kan òf onder eie beheer, òf onder die beheer van betekenisvolle ander persone wees. Die salutogeniese persoon is voorts oortuig van eie vermoë om gebeure te kan beheer of minstens 'n invloed daarop te kan uitoefen. Daar word dus veronderstel dat die salutogeniese persoon oor genoegsame eiewaarde beskik.

Die invloed van die salutogeniese kenmerke van 'n persoon word op vele lewensterreine uitgeoefen, aangesien dit as persoonlikheidskonstrukte in 'n wye verskeidenheid van situasies oor lang periodes geaktiveer word (Allport, 1961). Dit is egter veral in streshantering en die gepaardgaande invloed op gesondheid van belang. Dit blyk dat die salutogeniese persoon in staat is om stressors as positief te evalueer, meer geredelik daarby betrokke te raak, toepaslike hanteringstrategieë te selekteer en langer met die taak op hande te volhard. Onsuksesvolle hantering van stressors word in die lig van vorige suksesse geëvalueer en die salutogeniese persoon is dus in staat om eiewaarde te behou, selfs indien stressors nie suksesvol gehanteer is nie.

Cilliers (1988:16) onderskei tussen twee tipes eienskappe en dui aan dat die intrapersoonlike eienskappe verwys na die kognitiewe, affektiewe, konatiewe en fisiese eienskappe van die mens, terwyl die interpersoonlike eienskappe dui op gedrag teenoor ander mense waarmee die mens in aanraking kom.
Die salutogeniese persoonlikheid wat op 'n bepaalde wyse manifesteer, sal vervolgens vanuit bogenoemde redenering geïntegreer word.

3.4.1 Intrapersoonlike eienskappe

- **Kognitiewe prosesse**: Die salutogeniese persoonlikheid is in staat om stimuli op so 'n wyse waar te neem dat dit *verstaanbaar* en betekenisvol is. Sy persepsies maak dus vir hom kognitief sin. Op grond van vorige sukseservarings word daar ook van doeltreffende probleemoplossingsvaardighede gebruik gemaak ten einde stressors te konfronteer. Die salutogeniese persoon blyk ook in staat te wees om nie primêr van emosionele hantering gebruik te maak nie, maar eerder probleemoplossend te werk te gaan. Antonovsky (1979:107) verwys na kognitiewe eienskappe van die mens en noem kennis-intelligensie as 'n belangrike aspek, en toon aan hoe geletterdheid en formele opleiding die mens in 'n ander kategorie plaas, waardeur hy die vermoë verkry om te kan oordeel, stres te kan vermy of dit te kan hanteer.

- **Affektiewe prosesse:** Die eienskap van *betekenisvolheid* dui volgens Antonovsky (1987:18) op die mate waarin 'n mens voel dat sy lewe emosioneel, eerder as noodwendig kognitief, sin maak. Die persoon is in staat om emosionele reaksies tydens streshantering te vermy ten einde op die taak op hande te fokus. Hy/Sy ervaar meer positiewe as negatiewe emosies en 'n positiewe ingesteldheid vind in 'n wye verskeidenheid situasies neerslag. Emosies word dus ervaar maar kognitief beheer en gekontroleer. Antonovsky (1979:108-109) verwys na ego-identiteit op die emosionele vlak en omsluit daarby 'n sin vir die innerlike persoon as geïntegreerd en stabiel, maar tog dinamies en buigsaam, wat sosiaal en kultureel verbonde is aan die werklikheid, maar tog onafhanklik is en nie narsisties is of van eksterne realiteit afhanklik is nie.

- **Konatiewe prosesse:** Antonovsky (1987:17) verwys na *hanteerbaarheid* as die mate waarin die mens gebeurtenisse in sy lewe as 'n situasie wat ten minste

uithoudbaar is, ervaar, of iets wat hy kan hanteer, of selfs as 'n nuwe uitdaging kan beskou. Hy/Sy stel hoë eise aan hulself en omdat dit as hanteerbaar beskou word is hy/sy bereid om betrokke te raak daarby. Hulle is aktief betrokke by hul leefwêreld, aanvaar uitdagings met ywer en aangesien dit as betekenisvol gesien word, volhard hulle met take en streef na doelwitbereiking.

3.4.2 Interpersoonlike eienskappe

Antonovsky (1979:112-114) verwys na die belangrikheid van hanteringstrategieë as interpersoonlike eienskappe van die Salutogeniese mens. 'n Hanteringstrategie is 'n plan van gedrag en word deur verskeie veranderlikes bepaal. Die mens met 'n sterk sin vir koherensie sal nie huiwer om ander persone te blameer wanneer realiteit dit vereis nie (Antonovsky 1987:150). Hy onderskei drie belangrike veranderlikes wat 'n rol speel in elke hanteringstrategie, naamlik rasionaliteit, buigsaamheid en vêrsiendheid. Hierdie drie veranderlikes verwys na verskillende intrapersoonlike eienskappe wat reeds bespreek is.

Antonovsky (1979:114-115) verwys ook na 'n ander belangrike interpersoonlike eienskap van die salutogeniese mens, naamlik die vermoë van die mens om interpersoonlike verhoudings en sosiale bystand te gee en te ontvang, en meld aspekte van bystand of ondersteuning soos 'n getroude lewe, naby vriende en familie, kerklidmaatskap en assosiasie met formele groepe. 'n Belangrike aspek van hierdie interpersoonlike verhoudings is die vermoë om 'n stabiele verbintenis met verskeie groepe mense aan te gaan. In aansluiting hierby is 'n hoë mate van statusintegrering van die persoon in die samelewing van belang (p.166). Antonovsky (1972:542) verwys daarna as 'n sterk band tussen die mens en die hele gemeenskap.

Die laaste interpersoonlike eienskap waarna Antonovsky (1979:117) verwys, is makro-sosiale algemene weerstandshulpbronne in die vorm van kultuur. Dit voorsien die mens van taal, norme en antwoorde op vrae. Sielkundig word hierdie dinge geinternaliseer en sosiologies geinstitusionaliseer as antwoorde op vrae van die lewe, wat gereed lê om die mens te ondersteun in sy proses van hantering.

Antonovsky (1987:160) vat die eienskappe van die salutogeniese mens saam deur te sê: "The person with a strong SOC mobilizes emotional and cognitive intra- and interpersonal and material resources to cope with problems".

Die grootste beperking en daarom uitdaging van die salutogeniese persoonlikheid lê egter in die beperktheid van die onderskeie persoonlikheidskonstrukte. Die konstrukte word nie binne 'n goed geïntegreerde persoonlikheidsteorie gekonseptualiseer nie en gevolglik word eng strukture veronderstel (Kobasa, 1990). Ten einde die kennis rakende die werking van die salutogeniese persoonlikheid te verstaan en te verduidelik, is dit belangrik dat 'n persoonlikheidsteorie wat onderskei tussen verskillende strukture, die belangrikheid van die strukture, en die interaktiewe effek van die strukture, ontwikkel word (Marshall et al, 1984).

Breed (1997:139) bevestig dat die salutogenese, soos vele ander teorieë in die gesondheidsielkunde oor min persoonlikheidsteorieë beskik. Die salutogenese, met 'n klem op die totale belewing, fokus egter steeds op die afsonderlike konstrukte wat die voorspellingsmoontlikhede van die paradigma beperk. Die onderlinge samehang tussen die geïdentifiseerde salutogeniese persoonlikheidseienskappe en ander moontlike faktore moet binne die breë raamwerk van 'n oorkoepelende persoonlikheidsteorie ondersoek word.

## 3.5 HOOFSTUKSAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die salutogeniese paradigma en die onderskeie salutogeniesekonstrukte, met die klem op sin vir koherensie, bespreek. Die salutogeniese persoonlikheid is op interpersoonlike – en intrapersoonlike vlak bespreek.

# HOOFSTUK 4 EMPIRIESE ONDERSOEK

In hierdie hoofstuk word die empiriese ondersoek oreenkomstig die navorsingsontwerp aangebied volgens die stappe soos in hoofstuk 1 (vgl. 1.5.2) aangedui.

Die empiriese ondersoek word bespreek aan die hand van:

- **Stap 1:** Die formulering van die empiriese doelstellings van die ondersoek
- **Stap 2:** Die omskrywing van die populasie en die samestelling van die steekproef.
- **Stap 3:** Die keuse, samestelling en motivering van die metingsinstrument.
- **Stap 4:** Die administrasie van die metingsbattery
- **Stap 5:** Statistiese verwerking van data
- **Stap 6:** Rapportering, bespreking en integrasie van die bevindinge
- **Stap 7:** Formulering van gevolgtrekkings
- **Stap 8:** Formulering van die beperkinge van die ondersoek
- **Stap 9:** Formulering van aanbevelings

## 4.1 DOELSTELLING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING

In hoofstuk 1 is die volgende empiriese doelstellings geformuleer:

1. Om te bepaal of daar 'n verband is tussen persoonlikheidstipes en sin vir koherensie.
2. Om te bepaal of daar verwantskappe is tussen die vier attribuut-subskale van die MBTI en sin vir koherensie.

Hiermee is stap 1 van die empiriese ondersoek afgehandel.

## 4.2 POPULASIE EN STEEKPROEF

Die populasie wat in hierdie navorsing betrek is, bestaan uit individue wat tydens die herstrukturering op middelbestuursvlak gefunksioneer het en in die Pretoria omgewing werksaam was. Vir doeleindes van hierdie studie word die totale populasie van 57 bestuurders ingesluit in die navorsingsontwerp. Dit vorm die totale middelbestuursvlak van die Allied Bank, Trust Bank, United Bank en Volkskas Bank takkantore wat gedurende November 1998 bestuursposte beklee het en verantwoordelik was vir 'n tak of afdeling met ondergeskiktes wat direk aan hulle rapporteer.

Die Lewensoriëntasievraelys (OLQ) (Antonovsky, 1987) tesame met 'n dekkingsbrief is aan die totale populasie van 57 bestuurders gestuur. Daar was 'n respons van 40 bestuurders (ingesluit een bedorwe vraelys) wat 70% van die populasie verteenwoordig. Die proefgroep van 39 wat tydens die studie bestudeer is verteenwoordig ongeveer 68% van die populasie.

Die volgende beskrywende statistiek vir die steekproef (N = 39) verskaf 'n profiel van die respondente in terme van geslag, taal en postitel. Hierdie data word nie in die statistiese verwerking ingesluit nie aangesien dit nie deel vorm van die empiriese doelstellings van die studie nie. Dit word slegs weergee vir doeleindes van veralgemening (vgl. gevolgtrekkings in 6.1 en aanbevelings in 6.3).

**TABEL 4.1 PROEFGROEPSAMESTELLING IN TERME VAN GESLAG.**

Hoewel die meerderheid van die groep manlike respondente was, korreleer dit met die werklike verspreiding van geslag binne die totale populasie.

| | | |
|---|---|---|
| Manlik | 32 | 82% |
| Vroulik | 7 | 18% |
| **TOTAAL** | 39 | 100% |

**TABEL 4.2 PROEFGROEPSAMESTELLING IN TERME VAN TAAL.**

Slegs 2 taalgroepe was verteenwoordig en word as volg geklassifiseer:

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaans<br>Engels | 35<br>4 | 90%<br>10% |
| **TOTAAL** | 39 | 100% |

**TABEL 4.3 PROEFGROEPSAMESTELLING IN TERME VAN POSTITEL**

Die studie is direk na die voorgestelde herstrukturering gedoen en aangesien daar groot verskuiwings en afgradering van personeel was, word die proefgroep se postitels weergee soos dit was voor die herstruktuering (Tabel 3A) sowel as na afhandeling van die herstrukturering. (Tabel 3B)

TABEL 4.3A. POSTE BEKLEE VOOR DIE HERSTRUKTURERING

| | | |
|---|---|---|
| Takbestuurder<br>Bestuurder | 28<br>11 | 72%<br>28% |
| **TOTAAL** | 39 | 100% |

TABEL 4.3B. POSTE BEKLEE NA AFHANDELING VAN DIE HERSTRUKTURERING

| **POSTITEL** | **FREKWENSIE** | **GEMIDDELDE %** |
|---|---|---|
| Takbestuurder<br>Bestuurder | 19<br>20 | 49%<br>51% |
| TOTAAL | 39 | 100% |

Bogenoemde tabelle dui aan dat 23% van die respondente drasties geraak was deur die herstrukturering deurdat hulle in laer poste aangestel is as wat hulle voor die herstrukturering beklee het.

Hiermee is stap 2 van die empiriese ondersoek afgehandel.

## 4.3 MEETINSTRUMENTE

Die gestandaardiseerde meetinstrumente wat in hierdie studie gebruik word om kwantitatiewe metings van persoonlikheidstipes en 'n sin vir koherensie te doen, is die Lewensoriëntasievraelys (OLQ) en die Myers-Briggs Type Indicator (MBTI).

- Antonovsky (1987) het die Lewensoriëntasievraelys (OLQ) gebaseer op die salutogeniese paradigma met die teoretiese onderbou uit beide die behaviorisme en die humanisme. Die vraelys is ontwikkel om die sin vir koherensie te meet in terme van drie kernkomponente, naamlik verstaanbaarheid, hanteerbaarheid en betekenisvolheid. Vir doeleindes van hierdie studie is die OLQ gekies aangesien dit die operasionele definisie van die konsep die beste ondersteun en deur geldigheids- en betroubaarheidsdata bevestig word.

- Die MBTI is 'n persoonlikheidsinventaris wat gebaseer is op die tipe voorkeure van mense en wat dit moontlik maak om Jung se teorie van tipes empiries te toets en te gebruik.

### 4.3.1 Lewensoriëntasievraelys (OLQ)

Die Lewensoriëntasievraelys (OLQ) is geselekteer om die konstruk sin vir koherensie in hierdie navorsing te meet.

Antonovsky (1987) het die Lewensoriëntasievraelys (OLQ) gebaseer op die salutogeniese paradigma met die teoretiese onderbou uit beide die behaviorisme en die humanistiese sielkunde. Die vraelys is ontwikkel om 'n sin vir koherensie te meet in

terme van drie kernkomponente, naamlik verstaanbaarheid, hanteerbaarheid en betekenisvolheid.

Vir die doeleindes van hierdie studie is die OLQ gekies aangesien dit die operasionele definisie van die konsep soos in Hoofstuk 3 beskryf die beste ondersteun en deur geldigheids- en betroubaarheidsdata bevestig word.

4.3.1.1 *Die ontwikkeling en rasionaal van die OLQ*

Vir die aanvanklike ontwikkeling van die OLQ het Antonovsky (1987, p.64-74) twee kriteria gestel vir moontlike proefpersone; in die eerste plek dat hulle 'n ernstige trauma moes deurmaak wat onomkeerbare en drastiese gevolge vir hul lewens ingehou het, byvoorbeeld ernstige gestremdheid, verlies van 'n geliefde, moeilike finansiële omstandighede of internering in 'n konsentrasiekamp. Tweedens moes die persone deur ander ervaar word dat hulle, ten spyte van die trauma, opmerklik goed funksioneer. Die eerste proefgroep het uit 30 manlike en 21 vroulike proefpersone bestaan tussen die ouderdomme van 21 en 91, sowel as 4 tieners.

Na afloop van onderhoude met die persone, is hulle volgens die definisie wat Antonovsky (1979) vir 'n sin vir koherensie gegee het, ingedeel volgens 'n tienpunt-skaal van 'n swak tot 'n sterk sin vir koherensie. Die OLQ is saamgestel op grond van die individue wat beskou is as diè wat oor 'n sterk sin vir koherensie beskik.

In die ontwikkeling van die vraelys het Antonovsky (1987, p.77) van die tegniek van "Mapping Sentence for Questionnaire Design" gebruik gemaak om te bepaal watter items ingesluit moet word in die OLQ.

Die OLQ meet 'n respondent se globale oriëntasie ten opsigte van hantering volgens Flannery & Flannery (1990, p.416).

4.3.1.2 *Beskrywing van die OLQ*

Die OLQ bestaan uit 29 items waar 'n respondent op 'n sewepunt Likertskaal moet

aandui in welke mate die stelling beskrywend van hom of haar is. Die OLQ is ingedeel in drie subskale naamlik:

# *Verstaanbaarheid* (11 items)
Hierdie subskaal meet die mate waarin die respondent die stimuli in die leefwêreld as georden, voorspelbaar en verstaanbaar interpreteer.

# *Hanteerbaarheid* (10 items)
Hierdie subskaal meet die mate waarin 'n respondent situasies as hanteerbaar beskou. Hierdie hanteerbaarheid dui dus op die respondent se persepsie van die beskikbaarheid en effektiwiteit van hulpbronne.

# *Betekenisvolheid* (8 items)
Hierdie subskaal meet die mate waarin die respondent die lewe en konfronterende stimuli as betekenisvol en sinvol beskou.

4.3.1.3 *Afname en nasienprosedure*

Die OLQ kan individueel of in groepe afgeneem word. Die respondent lees self die instruksies op die vraelys. Daarna beantwoord hy die 29 items deur telkens te besluit watter skaalpunt op die Likertskaal hom die beste beskryf met inagneming hoe die twee pole beskryf is. Hierna word die antwoord nagesien deur die tellings van elke subskaal bymekaar te tel en sodoende 'n telling per subskaal te verkry. Die totaaltelling vir die OLQ is bloot die som van die drie subtellings. By dertien van die tellings moet die omgekeerde telling gebruik word.

4.3.1.4 *Interpretasie van die OLQ*

Die totaal van die drie subskale van die OLQ gee 'n geheelbeeld van die respondent se sin vir koherensie, maar kan ook afsonderlik geïnterpreteer word. Die tellings op die subskaal Verstaanbaarheid kan wissel tussen 11 en 77, op die subskaal Hanteerbaarheid tussen 10 en 70, en op die subskaal Betekenisvolheid tussen 8 en 56. Die totaaltelling kan wissel tussen 29 en 203. Aanvanklik het Antonovsky (1979) van

die standpunt uitgegaan dat die subskale ook individueel geinterpreteer kan word. In latere werk toon hy egter dat die sin vir koherensie 'n enkele konstruk is en die totaaltelling dus as verteenwoordigend van die konstruk in die geheel beskou moet word. (Antonovsky, 1987).

4.3.1.5 *Betroubaarheid en geldigheid van die OLQ*

Studies is in Israel en die Verenigde State van Amerika gedoen en dui op positiewe bewyse in hierdie verband volgens Antonovsky (1987, p.79-86).

- Betroubaarheid

"'n Toets is betroubaar wanneer soortgelyke tellings deur dieselfde individue by verskillende geleenthede behaal word." volgens Louw (1982, p.151). Antonovsky (1987, p.82) rapporteer 'n hoë mate van interne konsekwentheid en betroubaarheid deur betroubaarheidskoëffisiënte wat wissel tussen 0,84 en 0,93 (N=59 en N=338). Rumbaut (1983, soos aangehaal deur Antonovsky 1987, p.84) het verdere studies gedoen en rapporteer betroubaarheidskoëffisiënte van 0,90 en 0,88 respektiewelik (N=336).

Antonovsky (1983, soos aangehaal deur Chamberlain & Zika 1988, p.590) het 'n toets-hertoets-betroubaarheidskoëffisiënt van 0,63 gekry in 'n ondersoek.

Ander betroubaarheidskoëffisiënte wat gerapporteer is, is die volgende:

* 0,93 vir volwassenes in Finland (N=706) tussen ouderdomme 31 en 44 jaar (Kalimo & Vuori 1990, p.79)
* 0,89 vir Sweedse volwassenes (N=221) by wie drie of meer risikofaktore ten opsigte van hul kinderjare gevind is (Dahlin, Cederblad, Antonovsky & Hagnell 1990, p.229).

- Geldigheid

Geldigheid word gewoonlik gedefinieer as die mate waartoe 'n meting slaag in die doel waarvoor dit gebruik word. Louw (1982, p.152) sê: "'n Toets is geldig indien dit meet wat dit bedoel is om te meet".

Volgens navorsing deur veral Antonovsky (1987, p.82-86) is positiewe bewyse gevind vir die OLQ se kriterium-, konstruk- en voorspellingsgeldigheid.

Antonovsky (1987, p.79) beweer verder dat een van die sterk punte van hierdie vraelys daarin geleë is dat dit kruis-kultureel toegepas kan word. Volgens hom is die verspreiding van die respons 'n aanduiding dat die vraelys 'n duidelike onderskeid maak tussen lede van verskillende populasies.

Die volgende studies ondersteun die geldigheid van die OLQ:
Rumbaut (1983, soos aangehaal deur Antonovsky 1987, p.83) rapporteer dat hoër tellings op die OLQ negatief korreleer met toetsangstigheid by studente;

- Margalit (1985) gebruik die instrument op jong kinders en bevind dat hiperaktiewe kinders wie se lewens minder georden was, laer tellings op die OLQ verkry;
- Antonovksy & Sagy (1986) en Bernstein & Carmel (1987) vind dat die OLQ negatief korreleer met angstigheid by tieners en jong volwassenes.

### 4.3.2 Myers-Briggs Type Indicator (MBTI)

Die MBTI maak dit moontlik om Jung se teorie empiries te toets en te gebruik. Dit is ook al in vorige navorsing in verband gebring met kognitiewe style, beroepsvoorkeure, SAT tellings, diagnostiese probleemoplossingsvermoë, werksprestasie, werksverryking, bestuurstyle en uitvoerende persoonlikheidsprofiele. (Voorbeelde is Vaccaro, 1998; Dillon, 1987; Ferguson & Fletcher, 1987; Martin & Bartol, 1986; Schweiger, 1985; Agor, 1988; Rideout & Richardson, 1989; Ware, 1994; Nelson & Roberge, 1993; Barry, 1991.)

#### 4.3.2.1 *Die ontwikkeling en rasionaal van die MBTI*

Isabel Briggs Myers en haar moeder Katherine Cook Briggs het die MBTI ontwikkel as 'n objektiewe meting van Jung se teorie (1921/1926) van psigologiese tipe. Katherine Briggs het geinteresseerd geraak in persoonlikheidsteorie as 'n wyse om karakters in

literatuur te analiseer. Hierin was sy grootliks beïnvloed deur Jung se studies, veral sy *Psychological Types.* Isabel Myers het haar moeder se belangstelling in die Tipe teorie gedeel en het in die vroëe 1940's begin om die MBTI te ontwikkel in 'n poging om mense in staat te stel om toegang te verkry tot hul Jungiaanse voorkeurtipe.

Die twee dames Myers het 'n toets (MBTI) vir personeelkeuring begin ontwikkel met die opvatting dat verskillende beroepe verskillende persoonlikheidsoriëntasies tot voordeel strek en dat Jung se teorie hierdie teoretiese struktuur kan verskaf om die skakel tussen persoonlikheid en werksukses te vind. Tussen 1943 en 1957 het Myers die toets geadministreer op individue en die voorlopige analise en hersiening van die instrument opgestel.

Pittenger (1993, p.468) skryf dat die MBTI sedert publikasie baie professionele steun verkry het. Dit sluit verskeie professionele liggame (*Centre for Applications of Psychological Type* en *Association of Psychological Type*) asook 'n vaktydskrif (*Journal of Psychological Type*) in.

4.3.2.2 *Beskrywing van die MBTI*

Die MBTI is 'n persoonlikheidsinventaris wat gebaseer is op tipe voorkeure van mense. Verskeie MBTI meetinstrumente is tans in gebruik maar vir die doeleindes van hierdie studie is die Vorm G gebruik.

Vorm G bestaan uit 94 items waar die respondent die vraelys beantwoord deur een antwoord uit 'n paar moontlikhede te kies en te merk. By al die vrae word slegs een antwoord toegelaat behalwe by vraag 17.

4.3.2.3 *Afname en nasienprosedure (Vorm G)*

Die MBTI kan individueel of in groepe afgeneem word en is feitlik self-administreerbaar. Al die nodige instruksies word op die buiteblad van die toetsboekie en op die antwoordblad gegee. Die MBTI het geen tydsbeperking nie.

Die Vorm G is selfkeurbaar en word deur die respondente gemerk na voltooiing van die vraelys. Die respondent werk vertikaal, een kolom op 'n slag, en tel al die waardes van die blokke wat met 'n X gemerk is bymekaar. Die totaal van elke vertikale kolom word in die blok onder die kolom geskryf. By hierdie vraelys word die manlike TF tellings verkry deur die tellings in die skadublokke bymekaar te tel en die vroulike TF tellings deur die tellings in die nie-skadublokke bymekaar te tel. Om 'n respondent se tipe te bepaal word die tellings op die EI, SN, TF, en JP met mekaar vergelyk en die voorkeur word aangedui as die een met die hoogste verskilpunt.

4.3.2.4 *Interpretasie van die MBTI*

Vir akkurate interpretasie van die response is dit belangrik om die verskil tussen tipe en trekke as persoonlikheidskonstrukte te verstaan.

Die opleidingshandleiding MBTI STEP II Expanded Interpretive Report (Van Rooyen en Vennote, p.9) beskryf dit soos volg: "The MBTI as psychometric instrument deals with preferences and <u>types</u> as basic construct whereas many other tests such as the 16PF and the NEO work with personality <u>traits</u> as basic construct."

4.3.2.5 *Betroubaarheid en geldigheid van die MBTI*

Die betroubaarheid en geldigheid van die MBTI soos aangeteken in die literatuur word soos volg weergegee:

- Betroubaarheid

Volgens Louw is 'n toets betroubaar wanneer soortgelyke tellings deur dieselfde individue by verskillende geleenthede behaal word (1982, p.151). In die MBTI-handleiding word twee stelle vrae aangaande die betroubaarheid deur Myers & McCaully (1985) bespreek.

Die eerste het te doen met die toepaslikheid van verskillende skattings van interne konsekwentheid en repliseerbaarheid oor tyd. Kontinue telling betroubaarheid-skattings vir die vier skale word gerapporteer in die handleiding. Daar word ook

aangeneem dat die MBTI-tellings onderliggende digotomieë reflekteer, en daarom word die betroubaarhede wat hierdie gehipotiseerde digotomieë reflekteer, ook gerapporteer in die handleiding (Myers & McCaully, 1985).

Die tweede stel vrae het te doen met die variasie in betroubaarheidskattings wat toe te skryf is aan die eienskappe van respondente. Volgens Myers & McCaully (1985) word daar verwag dat die betroubaarheidskattings van die MBTI sal varieer, nie net met die statistiese prosedure wat aangeneem word nie, maar ook met die respondente se intelligensie, met hulle begrip van hulself en met die kwaliteit van hulle persepsie en beoordeling soos dit na vore kom in hul prestasie.

'n Aanname wat voortvloei uit waarnemings wat gemaak is gedurende die konstruksie van die MBTI, is dat persone met 'n goeie beheer oor persepsie of beoordeling (m.a.w. goeie tipe ontwikkeling), meer geneig is om duidelik te wees oor hulle eie voorkeure. Hul voorkeure sal daarom meer konsekwent wees. As hierdie aanname korrek is, kan daar verwag word dat steekproewe van ouer persone hoër betroubaarheidskattings sal hê as steekproewe met jonger persone (Myers & McCaully, 1985).

Aangesien die kwaliteit van 'n persoon se persepsie en beoordeling dikwels geïllustreer word deur die vlak van prestasie, kan daar verwag word dat daar in steekproewe van vergelykbare ouderdomsvlakke 'n tendens sal voorkom wat aandui dat diegene met hoër prestasievlakke hul voorkeure meer konsekwent sal rapporteer. Steekproewe met hoë prestasie persone (binne vergelykbare ouderdomsvlakke) sal dus hoër betroubaarhede toon as steekproewe van lae prestasie eweknieë (Myers & McCaully, 1985).

Volgens Myers & McCaully (1985) is goeie oordeel die moeilikste om te ontwikkel en daarom kan daar verwag word dat die T-F indeks kwesbaar is vir gebreke in tipe-ontwikkeling. Daar kan dus verwag word dat die laagste betroubaarhede in minder effektiewe steekproewe in die T-F indeks sal plaasvind.

# Interne konsekwentheid

* Interne konsekwenthede van kontinue tellings

In Carlyn (1977) se oorsig oor studies met betrekking tot die MBTI word daar 'n aantal

studies genoem wat oor die algemeen aanvaarbare betroubaarhede opgelewer het vir beide kontinue en digotome tellings. Navorsers het van verskeie metodes gebruik gemaak om betroubaarheidskattings van kontinue tellings te kry.

Carlson (1985) sê dat die oorspronklike betroubaarheid studies wat in die MBTI-handleiding gerapporteer is, "split-half" betroubaarheidskoëffisiënte (Pearson rs) opgelewer het wat dikwels hoër as .80 was.

In Myers & McCaully (1985) word daar betroubaarheidskoëffisiënte vir mans en vrouens gegee, asook vir ouderdomsgroepe. Die betroubaarheid vir respondente in hulle tienerjare asook lae prestasie respondente is geneig om laer te wees. Die TF-skaal toon ook die grootste mate van inkonsekwentheid.

Myers & McCaully (1985) noem ook dat studies aan die Universiteit van Florida getoon het dat die betroubaarheidstellings vir groepe met hoë intelligensie hoër is as vir groepe met lae intelligensie. Die moontlike verband tussen MBTI-tellings en intelligensie word soos volg verduidelik:

Eerstens kan intelligensie beskou word as 'n goeie beheer oor persepsie (aanvoeling of intuïsie) en/of beoordeling (denke of gevoel), wat beteken dat meer inligting akkuraat ingeneem word en dat beter oordele en besluite gemaak word. Tweedens, het meer intelligente respondente tipies 'n hoër leesvlak en waarskynlik 'n beter begrip van die MBTI woordeskat. 'n Beter begrip lei tot 'n laer waarskynlikheid dat toevallige response sal plaasvind en dra dus by tot hoër konsekwentheid.

Carlyn (1977) sê dat betroubaarheidskattings van kontinue tellings effens hoër is as die skattings van tipe kategorie betroubaarheid, aangesien daar informasie verlore gaan in die oorskakeling van kontinue tellings na digotome kategorieë.

* Toets-hertoets betroubaarheidskattings

Die praktiese vraag wat in hierdie opsig gevra word, is of 'n persoon weer dieselfde tipe reflekteer by hertoetsing (Myers & McCaully, 1985).

In 'n studie wat uitgevoer is deur Carskadon (1977) is toets-hertoets betroubaarhede van kontinue tellings op die MBTI ondersoek. Die resultate het getoon dat die betroubaarhede, wat gevarieer het vanaf .73 tot .83, oor die algemeen bevredigend was, met die uitsondering vir mans op die TF-skaal (r = .56).

Myers & McCaully (1985) kom ook tot die gevolgtrekking dat die toets-hertoets betroubaarhede van die MBTI konsekwent vertoon oor tyd. As respondente wel 'n verandering in tipe aantoon by hertoets, sal dit heel waarskynlik net by een skaal wees en gewoonlik by dié skale waar die aanvanklike voorkeur laag was.

Ter opsomming van die bespreking oor die MBTI se betroubaarheid kan daar verwys word na Carlson (1985). Hy is van mening dat, ten spyte van relatief min gepubliseerde studies oor die betroubaarheid van die MBTI, daar oor die algemeen aangetoon word dat daar 'n bevredigende interne konsekwentheid is by al vier skale, met 'n moontlike uitsluiting van die TF skaal. Hy voeg ook by dat die behoefte bestaan vir meer betroubaarheidstudies, veral met betrekking tot langer tydperiodes en oor 'n wyer verskeidenheid van toetstoestande. Daar bestaan ook 'n behoefte aan 'n wyer verskeidenheid van steekproefpopulasies aangesien die meeste studies tot dusver gebruik gemaak het van steekproewe wat bestaan uit universiteitstudente.

- Geldigheid

Geldigheid word gewoonlik gedefinieer as die mate waartoe 'n meting slaag in die doel waarvoor dit gebruik word. Louw (1982, p.152) sê: "'n Toets is geldig indien dit meet wat dit bedoel is om te meet".

Omdat die MBTI ontwerp was om die sielkundige tipes van Jung te implementeer, word die geldigheid van die MBTI bepaal deur die vraelys se vermoë om die verhoudings en uitkomste wat deur die teorie voorspel word, aan te toon (Myers & McCaully, 1985).

Die teorie sê dat persone verskillende tipes is of ontwikkel. Die MBTI is 'n poging om persone te klassifiseer volgens hul ware tipes. Die teorie postuleer dat die basiese voorkeure ten opsigte van aanvoeling-persepsie en intuïsie-persepsie na verskillende belangstellings lei, en dat die basiese voorkeure ten opsigte van gevoel-beoordeling en

denke-beoordeling na verskillende maniere sal lei waarop 'n persoon daardie belangstellings uitleef (Myers & McCaully, 1985).

Motivering, waardes en gedrag kan gesien word as oppervlakaanduiders van die effekte van die basiese voorkeure en houdings. As Jung se teorie voorkeure beskryf wat wel bestaan en as die MBTI 'n genoegsame aanduiding van hierdie voorkeure gee, behoort waarneembare gedrag ooreen te stem met wat deur die teorie voorspel word (Myers & McCaully, 1985). Carlyn (1977, p.47) het die volgende gesê: "The Indicator appears to be a reasonably valid instrument which is potentially useful for a variety of purposes".

Vervolgens word kortliks gekyk na inhoudsgeldigheid, voorspellingsgeldigheid, konstrukgeldigheid en itemgeldigheid van die MBTI.

\# *Inhoudsgeldigheid*

Volgens Carlyn (1977) het Myers reeds in haar omvattende beskrywing van die konstruksie van die MBTI bewys gelewer van die instrument se inhoudsgeldigheid.

Nog 'n bewys van inhoudsgeldigheid is gelewer deur Bradway (Carlyn, 1977) in 'n studie waaraan 28 Jungiaanse analiste deelgeneem het. Die analiste is gevra om hulself te klassifiseer op grond van die EI, SN en TF tipe-kategorieë. Vergelykings is gemaak tussen die self-tiperings en MBTI-tiperings. Daar was 'n 100% ooreenstemming op die EI-skaal, 68% op die SN-skaal, 61% op die TF-skaal en 43% ooreenstemming op al drie dimensies.

In Bradway se studie is die MBTI-tellings van die 28 analiste ook vergelyk met die tellings wat hulle verkry het op die Gray-Wheelwright vraelys. (Hierdie vraelys is nog 'n instrument wat ontwerp is om die Jungiaanse tipes te meet). Die tellings wat verkry is op hierdie twee vraelyste het aangetoon dat 96% van die analiste dieselfde EI-klassifikasie op albei instrumente gekry het, 75% op die SN-skaal, 72% op die TF-skaal en 54% van die analiste het identiese klassifikasies op albei instrumente gekry.
Volgens Carlyn (1977) kan daar gesê word dat die EI, SN en TF skale oor die algemeen ooreenstem met die inhoud van Jung se teorie.

# *Voorspellingsgeldigheid*

Carlyn (1977) noem vier studies wat die voorspellingsgeldigheid ondersoek het. Uit die resultate van die studies kom hy tot die gevolgtrekking dat die MBTI 'n matige voorspellingsgeldigheid in sekere areas het en dat verdere studies in hierdie verband nodig is.

# *Konstrukgeldigheid*

In die MBTI-handleiding (Myers & McCaully, 1985) word die resultate van 'n aantal korrelasiestudies gegee waarin die MBTI-tellings vergelyk is met die tellings op ander instrumente.

Tipe-verspreidings op die 16-tipe tabel is die basiese metode om MBTI-data voor te stel. Tipe-tabelle bied bewyse vir konstrukgeldigheid. As 'n tipe-tabel vir 'n sekere beroep, byvoorbeeld, 'n beduidende hoeveelheid meer van die spesifieke tipes het soos wat deur die teorie voorspel word, dan dra die tipe-tabel by tot konstrukgeldigheid (Myers & McCaully, 1985).

In Carlyn (1977, p.471) se oorsig van studies wat die konstrukgeldigheid van die MBTI ondersoek het, kom Carlyn tot die volgende gevolgtrekking: "The numerous studies of construct validity...suggests that the individual scales of the Myers-Briggs Type Indicator measure important dimensions of personality which seem to be quite similar to those postulated by Jung."

In die konstrukgeldigheidstudie van Cohen et al (1981, p.890) kom hulle tot die volgende gevolgtrekking: "When one considers the dearth of instruments available to assess the Jungian constructs, the MBTI seems useful and worthy of further research."

# *Itemgeldigheid*

In die itemvalidasie studie van Tzeng et al (1984) kom hulle tot die gevolgtrekking dat die MBTI nie net op die skaal-vlak geldigheid geniet nie, maar ook op die item-vlak. Tzeng et al. (1984, p.256) maak die opmerking dat "...the MBTI can be used with confidence to distinguish separate personality types in terms of the four dichotomous

dimensions."

In teenstelling hiermee, het die resultate van Sipps et al (1985) se item-analise van die MBTI, net beperkte steun gegee aan die itemgeldigheid van die MBTI.

Om op te som kan daar gesê word dat daar beter bewyse van betroubaarheid van die MBTI bestaan, as vir die instrument se geldigheid. Carlson (1985) sê dat, alhoewel die MBTI vergelyk is met ander instrumente en oor die algemeen die hipotese van teoretiese oorvleueling ondersteun het, was die meeste studies geneig om te veel te konsentreer op die EI-skaal. Daar bestaan dus die behoefte aan die validasie van die ander skale. Carlson maak ook die opmerking dat daar 'n groter behoefte is aan 'n groter verskeidenheid van geldigheidsnavorsing, met minder beperkende populasies, sodat die veralgemeenbaarheid van bevindinge beter kan wees.

Hiermee is stap 3 van die empiriese ondersoek afgehandel.

## 4.4 ADMINISTRASIE VAN DIE METINGSBATTERY

Die OLQ vraelys is per pos aan die 57 bestuurders wat die populasie verteenwoordig gestuur. Die respondente is gevra om die vraelyste te voltooi en om dit binne een maand in 'n gefrankeerde koevert terug te stuur. Die doel van die vraelyste is deeglik uitgewys en anonimiteit is verseker. Die respondente is ook versoek om hul MBTI profiele by die vraelyste aan te heg. Daar is 40 vraelyste terug ontvang waarvan een onvolledige inligting bevat het. Individuele tellings van die 39 respondente is direk op rekenaar vasgelê. Biografiese kenmerke is ook direk gekodeer en ingepons.

Hiermee is stap 4 van die empiriese ondersoek afgehandel.

## 4.5 STATISTIESE VERWERKING VAN DATA

Die resultate van die twee instrumente is op 'n geskikte rekenaarlêer vasgelê, waarna hierdie lêer in die SPSS-rekenaarprogrampakket (Norusis, 1993) ingevoer en getransformeer is vir statistiese verwerkings.

4.5.1 Beskrywende statistiek

Beskrywende statistiese tegnieke soos frekwensies. gemiddeldes en standaard-afwykings is toegepas op die resultate wat verkry is vanaf die vraelyste om te bepaal of die verspreidingsomvang bevredigend en binne die perke van normaliteit is.

4.5.2 Variansie-ontleding

Die tweerigting variansie-ontleding word gewoonlik uitgevoer om die interaksie-effek tussen twee of meer onafhanklike veranderlikes en die afhanklike veranderlike te bepaal (Healy, 1990).

Die tweerigting variansie-ontleding word in hierdie studie gedoen om die eerste empiriese doelstelling, naamlik die verband tussen die persoonlikheidstipes en sin vir koherensie, te meet.

Vir die doeleindes van hierdie berekening is resultate van die Lewensoriëntasie vraelys (OLQ) gebruik as die afhanklike veranderlike terwyl die volledige MBTI profielgroepe gebruik is as onafhanklike veranderlikes.

4.5.3 Pearson produkmoment-korrelasiekoëffisiënt

Die Pearson produkmoment-korrelasiekoëffisiënt word toegepas om 'n enkele, objektiewe maatstaf van sowel die rigting as die sterkte van die verband tussen die twee veranderlikes soos dit in hul tweeveranderlike frekwensiedistribusie weerspieel word, te verskaf (Huysamen 1983: 79).

In hierdie studie is hierdie metode toegepas om te bepaal of daar 'n verband is tussen die MBTI subskale en die Lewensoriëntasievraelys. Dit verteenwoordig die tweede empiriese doelstelling soos uiteengesit in die navorsingsontwerp.

Hiermee is stap 5 van die empiriese ondersoek afgehandel.

## 4.6 HOOFSTUKSAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsmetodologie van die ondersoek bespreek. Eerstens is die empiriese doel van die ondersoek en 'n beskrywing van die steekproef bespreek. Daarna is die gekose meetinstrumente, die administrasie daarvan sowel as statistiese verwerkings van die data behandel.

In hoofstuk 5 word die resultate van die empiriese ondersoek gerapporteer.

## HOOFSTUK 5 RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

In hierdie hoofstuk word die resultate van die empiriese ondersoek gerapporteer, gevolgtrekkings geformuleer, tekortkominge uitgewys en aanbevelings vir moontlike toekomstige navorsing gemaak.

Eerstens word die beskrywende statistiek weergegee waarna die verwantskappe tussen die verskillende konstrukte gerapporteer en bespreek word. Daarna word gevolgtrekkings geformuleer en die tekortkominge van die navorsing bespreek. Aanbevelings word laastens geformuleer.

### 5.1 BESKRYWENDE STATISTIEK

Die beskrywende statistiek vir die veranderlikes word soos volg gerapporteer:

#### 5.1.1 Persoonlikheidstipes

Die persoonlikheidstipes soos gemeet deur die MBTI is soos volg verteenwoordig in die steekproef:

**Tabel 5.1 Die persoonlikheidstipes soos verteenwoordig in die steekproef.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | BEOORDELING | WAARNEMEND | WAARNEMEND | BEOORDELING |
| | DENKE | ESTJ<br>N = 11 | ESTP<br>N = 3 | ISTP<br>N = 4 | ISTJ<br>N = 5 |
| | GEVOEL | ESFJ<br>N = 0 | ESFP<br>N = 0 | ISFP<br>N = 0 | ISFJ<br>N = 0 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| GEVOEL | ENFJ<br><br>N = 0 | ENFP<br><br>N = 0 | INFP<br><br>N = 0 | INFJ<br><br>N = 0 |
| DENKE | ENTJ<br><br>N = 6 | ENTP<br><br>N = 1 | INTP<br><br>N = 1 | INTJ<br><br>N = 1 |

'n Tipe word gevorm deur die kombinasie van die vier voorkeure/skale op die Myers-Briggs Type Indicator. Hierdie voorkeure is nie 'n meting van uitnemendheid nie maar 'n aanduiding van die tipe omgewing waarin die persoon die beste sal funksioneer en die gemaklikste sal voorkom. Daar was 7 respondente wat op sekere skale nie 'n duidelike voorkeur getoon het nie wat beteken dat daar geen verskil in die puntetelling tussen die twee voorkeure was nie. Keirsey en Bates (1984) verwys na 'n "X" tipe wat die grensgeval voorkeure in funksies en houdings verteenwoordig. 'n Voorbeeld is 'n persoon wat 'n ekstrovert is met 'n grensgeval voorkeur vir aanvoeling en intuïsie, en 'n waarnemende voorkeur, sal na verwys word as 'n EXFP. Hierdie persone word geadviseer om beide ESFP en ENFP beskrywings in die teks te oorweeg. Dit is gevolglik nie moontlik om hierdie respondente onder 'n spesifieke persoonlikheidstipe te klassifiseer nie.

Van die 16 tipes is ESTJ betekenisvol oorverteenwoordig terwyl ESFJ, ESFP, ISFP, ISFJ, ENFJ, ENFP, INFP en INFJ geen verteenwoordiging het nie. Dit bring mee dat 8 uit die 16 tipes glad nie voorkom nie, terwyl 'n verdere 3 tipes (ENTP, INTP en INTJ) deur slegs een respondent verteenwoordig word. Dit bring gevolglik mee dat slegs 5 van die 16 tipes effektief betrek kan word by die data-ontledings.

Die oorverteenwoordiging van ESTJ (35% van die respondente) kan moontlik ook verklaar word teen die agtergrond van die werksomgewing waarbinne hulle funksioneer. Die ESTJ profiel word beskryf as prakties, feitelik en realisties met 'n natuurlike aanleg vir besigheid of meganika. Hulle stel nie belang in onderwerpe waarvoor hulle geen nut sien nie. Verder hou hulle daarvan om te organiseer en aktiwiteite te bestuur.

Binne die ABSA Bank konteks is dit presies wat verwag word van posbekleërs in bestuursposte en kan die afleiding gemaak word dat die persone ideaal geplaas is in die omgewing waarbinne hulle tans funksioneer.

Ten einde die tweede empiriese doelwit te bereik word die tipes opgebreek in die onderskeie dimensies soos dit per skaal voorkom.

**Tabel 5.2 Die frekwensie van die individuele dimensies.**

| | | |
|---|---|---|
| Ekstroversie (E) | 24 | 63.2% |
| Introversie (I) | 14 | 36.8% |
| Aanvoeling (S) | 26 | 72.2% |
| Intuïsie (N) | 10 | 27.8% |
| Denke (T) | 38 | 100% |
| Gevoel (F) | 0 | 0% |
| Beoordeling (J) | 27 | 73% |
| Waarnemend (P) | 10 | 27% |

In hierdie proefgroep het die denke dimensie gedomineer met niemand wat gevoel as 'n waarnemingsfunksie verkies het nie. Die verklaring lê moontlik daarin opgesluit dat dit 'n redelike homogene groep is wat in die uitvoering van hul werk hoofsaaklik moet fokus op die feite en syfers tot hul beskikking om werksverwante besluite te neem. Om suksesvol te wees in 'n finansiële omgewing kan besluite nie primêr op grond van persoonlike mens-gesentreerde waardes gebaseer word nie.

Daar is verder ook 'n oorverteenwoordiging van die ekstroversie, aanvoeling en beoordeling dimensies. Hierdie oor, onder en geen verteenwoordiging in die dimensies lei daartoe dat slegs beperkte data beskikbaar was vir gebruik in hierdie studie en word daarom as 'n groot beperking beskou.

5.1.2 Sin vir koherensie

Die resultate van die tweede konstruk, die sin vir koherensie, word hier weergee en bespreek.

Tabel 5.3 Statistiese beskrywing van die sin vir koherensie.

| [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] | [illegible] |
|---|---|---|---|---|
| N = 39 | 47 | 162.5 | 11.3 | 128.9 |

Die sin vir koherensie veranderlike is normaal versprei met 'n rekenkundige gemiddeld van 162.5 en 'n standaardafwyking van 11.3. Die kurtose is byna gelyk aan nul en daarom is die verspreidingsomvang binne die perke van normaliteit en dus bevredigend. Hierdie veranderlike kom dus as betroubaar voor en kan daarom sinvol in die studie gebruik word.

Die resultate dui aan dat die proefgroep gemiddeld oor 'n baie hoë sin vir koherensie beskik (162.5). In vergelyking met soortgelyke studies (Antonovsky, 1983; Fiorentino, 1985; Antonovsky & Sagy, 1986) kan die resultate vergelyk word met die normatiewe data wat verkry is van soldate in die Israeli weermag wat 'n gemiddelde telling van 160,4 getoon het.

Daar bestaan twee moontlike verklarings vir die besondere hoë tellings:
Eerstens kan dit 'n groep persone wees wat hoogs gemotiveerd is om sukses te bereik in 'n veranderende omgewing wat hulle as betekenisvol en uitdagend beskou. Vanuit 'n teoretiese perspektief is dit die mees waarskynlike verklaring vir die hoë tellings.

'n Tweede verklaring is dat die vraelys voltooi is in 'n situasie wat moontlik druk by die respondente veroorsaak het in terme van die sosiaal aanvaarbare antwoorde, ten spyte daarvan dat hulle deurentyd verseker was daarvan dat die resultate slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik sou word. Respondente het moontlik gedink dat hul response gebruik kon word om sukses in die werksituasie te voorspel of bevorder. Dit

word gesien in die lig van tabel 4.3a en 4.3b waar 23% van die respondente direk geraak is deur die herstrukturering terwyl die respondente wat wel hul status behou het in nuwe takke geplaas is wat 'n vreemde omgewing en opset meebring. Dit impliseer dat geen een van die respondente al bewese prestasie getoon het in hul huidige poste nie.

## 5.2 DIE VERBAND TUSSEN DIE TWEE KONSTRUKTE

Vervolgens word die moontlike verwantskappe wat ten doel gestel is met die ondersoek weergegee:

### 5.2.1 Die verband tussen persoonlikheidstipes en sin vir koherensie

Ten einde die eerste empiriese doelstelling te bereik is 'n variansie-ontleding (ANOVA), waarin die MBTI-profiele as die onafhanklike veranderlikes, en die Lewensoriëntasie vraelys (OLQ) as afhanklike veranderlike beskou is, toegepas.

Die nulhipotese is dat die gemiddelde waardes vir die Lewensoriëntasie vraelys nie 'n verskil sal toon tussen die verskillende MBTI profiele nie. Die alternatiewe hipotese is egter dat daar wel verskille sal voorkom tussen die verskillende profiele.

Die resultate toon dat daar geen beduidende verskil is in die gemiddelde tellings soos dit oor die profiele heen voorkom nie en daarom kan die nulhipotese nie verwerp word nie.

Hierdie resultaat word grootliks beïnvloed deur die klein verteenwoordiging in die onderskeie tipes, sowel as die 8 tipes waarin daar geen verteenwoordiging voorgekom het nie.

Die resultate is ook teenstrydig met vorige navorsing en inligting uit die literatuur. Die NEO Persoonlikheidsinventaris (Costa & McCrae, 1985), 'n instrument wat voorgee om verteenwoordigend te wees van al die groot persoonlikheidsinventarisse, stel ENFJ as "gesond" voor met die ISTP as ontoereikend in terme van psigologiese gesondheid

(Rytting & Ware, 1993).

Op 'n soortgelyke manier bevorder die Personality Orientation Inventory (Shostrom, 1964) die ENFP profiel as verteenwoordigend van selfaktualisasie (Hartman & Ware, 1991).

Die verkreë profielverspreiding in hierdie navorsing het geen verteenwoordiging in die twee profiele (ENFP, ENFJ) wat as "gesond" voorgehou word nie, wat dit onmoontlik maak om bogenoemde navorsing te bevestig of te weerlê.

### 5.2.2 Die verwantskap tussen die MBTI subskale en sin vir koherensie

Die korrelasies wat bepaal is om die tweede empiriese doelwit te bereik, word eerstens getabelleerd aangebied en daarna word die resultate geïnterpreteer.

**Tabel 5.4 Die verband tussen die introversie-ekstroversie skaal en 'n sin vir koherensie.**

| | | |
|---|---|---|
| Introversie (I) | 14 | -0.381 |
| Ekstroversie (E) | 24 | 0.458 |

**Tabel 5.5 Die verband tussen die aanvoeling en intuïsie skaal en 'n sin vir koherensie.**

| | | |
|---|---|---|
| Aanvoeling (S) | 26 | -0.137 |
| Intuïsie (N) | 10 | -0.453 |

**Tabel 5.6 Die verband tussen die gevoel en denke skaal en 'n sin vir koherensie.**

| | | |
|---|---|---|
| Denke (T) | 38 | 0.057 |
| Gevoel (F) | 0 | 0 |

**Tabel 5.7 Die verband tussen die beoordeling en waarneming skaal en 'n sin vir koherensie.**

| | | |
|---|---|---|
| Beoordeling (J) | 27 | -0.135 |
| Perceiving (P) | 10 | -0.522 |

In **tabel 5.4** word die korrelasie tussen sin vir koherensie en ekstraversie as 'n betekenisvolle positiewe korrelasie aangetoon. Die grootheidtelling gee 'n aanduiding van die statistiese beduidenis van die korrelasiekoëffisiënt en is die korrelasie statisties betekenisvol op die 5% peil van betekenis as dit kleiner is as 0.025. In hierdie geval is die korrelasie wel betekenisvol op 0.024.

Die korrelasie tussen sin vir koherensie en introversie het 'n redelike lae negatiewe korrelasie maar dit word nie as statisties betekenisvol (0.179) beskou nie.

Daar is 'n verband gevind tussen ekstroversie en 'n sin vir koherensie. Die verklaring lê moontlik daarin dat ekstroverte 'n sterk fokus het op gebeure wat in die wêreld buite hulself lê en hul vermoë om dit te beïnvloed. Die ekstrovert verkry dus sy energie van sy eksterne omgewing en is beter in staat om daardie omgewing suksesvol te manipuleer. Hulle het dus waarskynlik 'n duideliker perspektief op die hoeveelheid beheer wat hulle het oor die onderskeie komponente van hul omgewing in vergelyking met introverte. Die weerstandsbronne (GRR) wat 'n ekstrovert sal gebruik is dus die interpersoonlike en sosiale bronne, makrokulturele weerstandsbronne en die emosionele weerstandsbronne aangesien hulle verkies om in interaksie met mense te wees en ook maklik uiting gee aan hulle emosies. Die introvert daarteenoor verkies om homself te onttrek en in homself die antwoorde te kry.

Hierdie korrelasies strook ook met vorige navorsing (Short, 1995; Carlson, 1985) wat bevestig dat persone met 'n voorkeur vir introversie geneig is om oor minder hanteringshulpbronne te beskik as persone met 'n voorkeur vir ekstraversie.

In **tabel 5.5** word die korrelasie tussen sin vir koherensie en aanvoeling as 'n lae negatiewe korrelasie aangedui wat ook nie statisties betekenisvol (0.504) is nie. Daar bestaan 'n redelike negatiewe korrelasie tussen sin vir koherensie en intuïsie maar dit is nie statisties betekenisvol (0.188) nie.

Die geringe korrelasie wat gevind is tussen 'n voorkeur om intuïsie te gebruik om inligting in te samel en 'n sin vir koherensie is teenstrydig met die verwagtinge en vorige verwante navorsing. Persone wat intuïsie as voorkeur het, beskik oor die vermoë om die "groot prent" saam te stel uit al die individuele elemente. Hulle word as visionêr beskou omdat hulle die moontlikhede vir die toekoms insien. Hulle hou daarvan om nuwe probleme op te los en te beplan vir die toekoms. Uit 'n salutogeniese perspektief sal dit waarskynlik daartoe lei dat hulle groter betekenisvolheid en verstaanbaarheid kan heg aan die stimuli wat hulle konfronteer. Vorige navorsing van onder meer Carlson (1985) bevestig ook 'n verband tussen intuïsie en 'n interne lokus van kontrole.

In **tabel 5.6** word aangetoon dat daar feitlik geen korrelasie bestaan tussen dié twee veranderlikes nie. Die gevoel dimensie kon nie in berekening gebring word nie omdat daar geen verteenwoordiging uit die steekproef was wat binne hierdie subskaal geval het nie.

In **tabel 5.7** word die korrelasie tussen sin vir koherensie en beoordeling aangedui as 'n kleinerige negatiewe een maar dit is weer eens nie statisties betekenisvol (0.502) nie. Die sterkste korrelasie word aangetoon as dié tussen sin vir koherensie en waarneming. Hierdie korrelasie is egter nie statisties betekenisvol (0.122) nie.

Hierdie skaal spreek die behoefte aan organisasie en struktuur aan en het die grootste verband getoon van al die skale. Die negatiewe verband met waarneming impliseer dat individue wat baie buigbaar is en maklik saam met die stroom gaan geneig is om 'n lae sin vir koherensie te hê. Dit is gewoonlik individue wat besluitneming uitstel en deurentyd op die laaste oomblik aanpassings maak en veranderings aanbring.

## 5.3 GEVOLGTREKKINGS

Die algemene doelstelling van hierdie navorsing was om die verband tussen persoonlikheidstipes en sin vir koherensie te bepaal. Dit was aangebied in die vorm van 'n literatuuroorsig en 'n empiriese studie.

### 5.3.1 Gevolgtrekkings per literatuurdoelstelling

Die doelstellings van die literatuuroorsig soos uiteengesit in Hoofstuk 1 is aangespreek en bereik in hoofstuk 2 (Persoonlikheid en Persoonlikheidstipes) en hoofstuk 3 (Salutogeniese model en salutogeniese persoonlikheidskenmerke).

Die navorser bevestig die siening van Smith en Williams (1992) dat navorsing rakende die rol van persoonlikheid en gesondheid nie genoegsaam van ontwikkeling binne personologie gebruik maak nie, en meebring dat bekende dimensies van pesoonlikheid onder 'n nuwe naam ondersoek word.

Die integrasie van verskillende persoonlikheidsdimensies kan lei tot 'n oorhoofse siening van persoonlikheid waarbinne navorsing gerig word, aangesien die bestudering van losstaande persoonlikheidskenmerke mag lei tot "isolated pockets of knowledge pertaining to narrowly defined constructs of unknown relationship to one another" (Marshall et al., 1994:278).

### 5.3.2 Gevolgtrekkings per empiriese doelstelling

* Die resultate dui daarop dat daar 'n gebrek aan beduidende statistiese korrelasies bestaan tussen persoonlikheidstipes en 'n sin vir koherensie. Die afleiding of gevolgtrekking wat gemaak kan word is dat sin vir koherensie as konstruk nie bydraend genoeg is om die klassifikasie van 'n persoon binne 'n tipe te beïnvloed nie. 'n Persoonlikheidstipe bevat te veel konstrukte om sinvol die invloed van sin vir koherensie op die klassifikasie van 'n persoon te bepaal.

Die resultate dui dus aan dat daar geen voorspelling gemaak kan word oor 'n persoon se sterkte van sin vir koherensie na aanleiding van die tipe waarbinne hy/sy

geklassifiseer is nie omdat die sin vir koherensie volgens hierdie navorsing binne alle tipes ewe hoog of laag is. Daar bestaan dus nie 'n beduidende verband tussen dié twee konsepte nie.

* Die proefgroep wat gebruik is in die studie was te homogeen en dit word weerspieël in die feit dat slegs 8 uit die potensiële16 tipes verteenwoordig was in die studie. Van hierdie 8 is 'n verdere 3 profiele verteenwoordig deur net 1 respondent. Dit het die resultate negatief beïnvloed aangesien die profiele wat in die literatuur as optimaal funksionerend of gesond voorgehou word (ENFP en ENFJ) nie in die navorsing teenwoordig was nie. Die gebrek aan korrelasies en die geldigheid van die resultate kon moontlik daardeur beïnvloed wees.

* Die gebrekkige empiriese data en onbeduidende korrelasies dui in hierdie navorsing daarop dat daar nie 'n verband is tussen persoonlikheidstipes en sin vir koherensie nie. Die feit dat die twee profiele wat as gesond en optimaal funksionerend voorgehou word in die literatuur nie voorgekom het in die steekproef nie, veroorsaak dat 'n bevinding nie uitgespreek kan word in terme van bogenoemde korrelasies nie.

Die gebrekkige data in terme van verteenwoordiging in die profiele en die klein korrelasies wat gevind is lei tot nie-betekenisvolle uitsprake in terme van die resultate en dit is bloot nie sinvol interpreteerbaar nie.

By die subskale E/I waar daar wel statisties betekenisvolle resultate verkry is, het 'n korrelasie voorgekom wat vanuit die literatuur en vorige navorsing bevestig word. Dit is moontlik dat sin vir koherensie as konstruk verweef is in ander persoonlikheidskonstrukte en persoonlikheidstipes en as konsep nie alleen staan nie. Die geldigheid van die kontruk is deur vorige navorsing ook onder verdenking geplaas. Navorsing deur Frens et al., (1993) impliseer dat sin vir koherensie nie 'n afsonderlike konstruk is nie maar bloot die teenoorgestelde van staat- en trek-angs. Die sterk assosiasie tussen die twee konsepte kan ook gesien word in die lig van navorsing gedoen deur Watson en Clark (1984). Hierdie outeurs het verskeie persoonlikheidskale vergelyk en bevind dat, alhoewel die persoonlikheidskale op die oog af verskillend is, dit eintlik dieselfde, stabiele en langdurige trek van negatiewe

affektiwiteit meet. Negatiewe affektiwiteit word gesien as 'n predisposisie om distres en ongemak in 'n verskeidenheid van situasies te beleef, selfs wanneer omgewingstoestande gunstig is. Dit is belangrik dat die verwantskap tussen sin vir koherensie en ander persoonlikheidskonstrukte soos negatiewe affektiwiteit in toekomstige navorsing meer aandag moet geniet.

Op hierdie stadium is dit moeilik om definitiewe gevolgtrekkings te maak omdat daar net eenvoudig nie genoeg empiriese data beskikbaar is nie.

## 5.4 TEKORTKOMINGE

Die grootste tekortkoming in bogenoemde studie is die swak verteenwoordiging in die 16 tipes as gevolg van die homogeniteit van die steekproef en die klein navorsingsgroep. In ongeveer 50% van die potensiële tipes was daar geen verteenwoordiging nie. Die homogeniteit van die steekproef het 'n oorverteenwoordiging in die ESTJ tipe meegebring wat sinvolle korrelasies bemoeilik.

Die tipes wat in die literatuur as gesond of optimaal funksionerend voorgehou word naamlik ENFJ en ENFP was nie verteenwoordig in die navorsingsgroep nie terwyl die profiel wat as ontoereikend in terme van psigologiese gesondheid beskou word (ISTP) deur vier respondente verteenwoordig is.

Die gebrekkige data in terme van verteenwoordiging in alle profiele het gelei tot nie-betekenisvolle uitsprake in terme van die resultate en dit is bloot nie sinvol interpreteerbaar nie.

## 5.5 AANBEVELINGS

As gevolg van die bogenoemde leemtes word aanbeveel dat korrelasies tussen die konstrukte verder ondersoek word, veral in die lig van die verband wat in die literatuur gevind is maar nie deur die empiriese studie gesteun word nie. Teenstrydige bevindinge met die NEO Persoonlikheidsinventaris (Costa & McCrae, 1985) en die Personality Orientation Inventory (Shostrom, 1964) regverdig verdere navorsing om

uitsluitsel te kry.

Daar word aanbeveel dat bogenoemde navorsing 'n meer heterogene proefgroep moet insluit waar die "gesonde" profiele ook verteenwoordig word.

## 5.6 HOOFSTUKSAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die gevolgtrekkings, tekortkominge en aanbevelings van die navorsing aangebied.

## 6. BRONNELYS

Allport, G.W. (1961). *Pattern and growth in personality.* New York: Holt, Rinehart and Winston.

Antonovsky, A. (1972). Breakdown: A needed fourth step in the conceptual armamentarium of modern medicine. *Journal of Social Science and Medicine,* 6 (5) 537-544.

Antonovsky, A. (1979). *Health, stress and coping.* San Francisco: Jossey-Bass.

Antonovsky, A. (1984a). A call for a new question - salutogenesis - and a proposed answer - the sense of coherence. *Journal of Preventative Psychiatry,* 2(1), 1-13.

Antonovsky, A. (1985). The life cycle, mental health and sense of coherence. *Israel Journal of Psychiatry and Related Science, 22* (4), 273-280.

Antonovsky, A. (1987). *Unravelling the mystery of health: How people manage stress and stay well.* San Francisco: Jossey-Bass.

Antonovsky, A. (1993a). The structure and properties of the sense of coherence scale. Social Science and Medicine, 36(6), 725-733.

Antonovsky, A. (1993b). Complexity, conflict, chaos, coherence, coercion and civility. *Social Science and Medicine Journal,* 37 (8), 969-981.

Antonovsky, A. & Bernstein, J. (1986). *Pathogenesis and salutogenesis in war and other crises: Who studies the successful coper? Stress and hanteringin time of war: generalizations from the Israeli experience.* New York: Brunner/Mazel.

Antonovsky, H. & Sagy, S. (1986). The development of a sense of coherence and impact on responses to stress situations. *The Journal of Social Psychology,* 126 (2), 213-225.

Barr, L. & Barr, N. (1989). *The Leadership equation. Leadership, Management, and the Myers-Briggs.* Texas: Eakin Press, Austin.

Ben-Sira, Z. (1985). Potency: A stress-buffering link in the coping-stress-disease relationship. Social Sciences and Medicine, 21 (4), 397-406.

Bishop, G.D. (1993). The sense of coherence as a resource in dealing with stress. *Psychologia*, 36 (4), 259-265.

Carlson, J.G. (1985). Recent assessments of the Myers-Briggs Type Indicatior. Journal of Personality Assessment, 49, 356-365.

Carmel, S. & Bernstein, J. (1989). Trait-anxiety and sense of coherence: A longitudinal study. *Psychological Reports*, 65, 221-222.

Carmel, S. & Bernstein, J. (1990). Trait anxiety, sense of coherence and medical school stressors: Observations at three stages. *Anxiety Research*, 3, 51-60.

Carmel, S., Anson, 0., Levenson, A., Bonneh, D.Y. & Maoz, B. (1991). Life events, sense of coherence and health: Gender differences on the kibbutz. *Social Sciences and Medicine,* 10, 1089-1096.

Cilliers, F. vN. (1988). Die konsep sielkundige optimaliteit in bestuur. *IPM Journal,* October, 15-18.

Cilliers, F. vN. (1991). *Die veranderende rol van die bedryfsielkunde in Suid-Afrika.* Intreerede gelewer in die Departement Bedryfsielkunde aan die

Universiteit van Suid-Afrika op 12 September, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Cilliers, F. vN. & Wissing, M.P. (1993). Sensitiewe relasievorming as bestuurs- dimensie: Die evaluering van 'n ontwikkelingsprogram. *Tydskrif vir Bedryfsielkunde,* 19 (1), 5-10.

Coe, R.M., Miller, D.K., & Flaherty, J. (1992). Sense of coherence and perception of caregiving burden. *Behavior, Health and Aging,* 2, 93-99.

Colerick, E.J. (1985). Stamina in later life. *Social Science and Medicine*, 21, 997-1006.

Costa, P.T. & McCrae, R.R. (1985) *The NEO Personality Inventory Manual.* Odessa, FL: Psychological Assesment Resources.

Eysenk, H.J. (1947). *Dimensions of personality.* Londen: Routledge & Kegan Paul.

Eysenk, H.J. (1952). *Scientific study of personality.* New York: Mac Millan.

Feuerstein, M. (1986). *Health Psychology.* New York: Plenum Press.

Fitzgerald, C. & Kirby, L.K. (1997). *Developing Leaders: Research and Applications in Psychological Type and Leadership Development. Integrating Reality and Vision, Mind and Heart.* Palo Alto, California: Davies-Black Publishing.

Flannery, R.B.(Jnr) & Flannery, G.J. (1990). Sense of coherence, life stress, and psychological distress: a Prospective methodological inquiry. *Journal of Clinical* Psychology, 4, 415-420.

Folkman, S., Lazarus, R.S., Gruen, R.J. & De Longis, A. (1986). Appraisal, coping, health status and psychological symptoms. Journal of Personality and Social Psychology, 50 (3), 571-579.

Frenz, A.W., Carey, M.P. & Jorgensen, R.S. (1993). Psychometric evaluation of Antonovsky's sense of coherence scale. *Psychological Assessment*, 5, 145-153.

Friedman, H.S. (1991). *The self-healing personality: Why some people achieve health and other succumb to illness.* New York: Henry Holt and Company.

Hartman, P.A. & Ware, R. (1991). *The relationship between personality type and self-actualization.* Mid-America Undergraduate Psychology Research Conference, Indianapolis.

Healy, J.F. (1990). *Statistics: A Tool for Social Research* (2nd ed.). Belmont: Wadsworth.

Hobfall, S.E. (1989). Conservation of resources: A new attempt at conceptualizing stress. *American Psychologist*, 44, 513-524.

Holroyd, L.A. & Coyne, J. (1987). Personality and health in the 1980's: Psychosomatic medicine revisited? *Journal of Personality*, 55, 359-375.

Huysamen, G.K. (1983). *Beskrywende statistiek vir die Sosiale Wetenskappe.* Pretoria: Academica.

Huysamen, G.K. (1990). *Sielkundige meting - 'n Inleiding.* Pretoria: Academica.

Huysamen, G.K. (1994). *Methodology for the social and behavioural sciences. (2nd* ed.). Halfway House: Southern Book Publishers.

Jung, C.G. (1960). The structure and dynamics of the psyche. The collected works, 8. London: Routledge & Kegal Paul. (2nd., 1969).

Jung, C.G. (1971). *Psychological Types.* Princeton: Princeton University Press.

Jung, C.G. (1990). *Psychological Types.* Princeton: Princeton University Press.

Kobasa, S.C. (1979). Stressful life events, personality and health: An inquiry into hardiness. *Journal of Personality and Social Psychology,* 37(1), 1-11.

Kobasa, S.C. (1982). The hardy personality: Towards a social psychology of stress and health. In G.S. Sanders & J. Suls (eds), *Social psychology of health and illness,* 30-32. New Jersey: Erlbaum.

Kobasa, S.C., Maddi, S.R., & Courington, S. (1981). Personality and constitution as mediators in the stress-illness relationship. *Journal of Health and Social Behavior,* 22 (4), 368-379.

Kobasa, S.C., Maddi, S.R., & Kahn. S. (1982). Hardiness and health: A prospective study. *Journal of Personality and Social Psychology,* 42 (1), 168-177.

Kuhn, T.S. (1970). *The structure of scientific revolutions.* Chicago: The University of Chicago Press.

Louw, D.A. (1982). Inleiding tot die Psigologie. Johannesburg: McGraw-Hill.

Marshall, G.N., Wortman, C.B., Vickers, R.R., Kusulas, J.W. & Hervig, L.K. (1994). The five-factor model of personality as a framework for personality-health research. *Journal of Personality and Social Psychology,* 67, 278-286.

Maslow, A.H. (1987). *Motivation and personality.* New York: Penquin

McMahon, T. (1976). The role of imagination in the disease process: Pre Cartesian medical history. *Psychological Medicine,* 6, 179-184.

Meyer, W.F. (1971). *Persoonlikheidsielkunde: 'n Inleiding aan die hand van Allport se teorie.* Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. (1988). *Persoonlikheidsteorieë - van Freud tot Frankl.* Isando: Lexicon Uitgewers.

Morgan, G. (1980). Paradigms, metaphors and puzzle solving in organization theory. *Administrative Science Quarterly*, 25 (4), 605-620.

Mouton, J. & Marais, H.C. (1992). *Basiese begrippe: Metodologie van die geestes- wetenskappe.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

Myers, I.B. (1980). *Gifts Differing.* Palo Alto, California: Consulting Psychologists Press Inc.

Myers, I.B. (1981). *Introduction to Type.* Palo Alto, California: Consulting Psychologists Press Inc.

Myers, I.B. & McCaulley, M.H. (1992). *Manual: A guide to the development and use of the Myers-Briggs Type Indicator.* Palo Alto, California: Consulting Psychologists Press Inc.

Norusis, M.J. (1993). *SPSS – Professional statistics.* Chicago: SPSS Inc.

Pearlin, L.I., & Schooler, C. (1978). The structure of coping. *Journal of Health and Social Behavior,* 19, 2-21.

Pervin, L.A. (1993). *Personality. Theory and Research.* Singapore: John Wiley and Sons.

Petrie, K. & Brook, R. (1992). Sense of coherence, self-esteem, depression and hopelessness as correlates of reattempting suicide. *British Journal of Clinical Psychology,*
3 (2), 293-300.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. (1986). *Psigologiewoordeboek.* Johannesburg: McGraw-Hill.

Quenk, N. (1993). Personality types or personality traits: What difference does it make? *Bulletin of Psychological Type*, Vol. 16 (2), 11-14.

Randolph, W.A. & Blackburn, R.S. (1989). *Managing Organizational Behavior.* Homewood: Richard D. Irwin.

Robbins, S.P. (1993*). Organizational Behavior: Concepts, controversies, and applications.* Englewood Cliffs: Prentice Hall.

Rosenbaum, M.J. (1988). Learned resourcefulness, stress and self-regulation. In S. Fisher and J. Reasin (eds), *Handbook of life stress, cognition and health,* 483-496, Chichester: Wiley.

Rytting, M. & Ware, R. (1993*). Reinterpreting the NEO-PI from the perspective of psychological type.* Biennial International Conference of the Association of Psychological Type, Newport Beach.

Schultz, D. (1977). *Growth psychology: Models of the healthy personality.* New York: Van Nostrand.

Schuler, R.S. (1982). An integrative transactional process model of stress in organisations. *Journal of Occupational Behaviour,* 3, 5-19.

Selye, H. (1983). The stress concept: Past, present and future. In C.L. Cooper (eds), *Stress research: Issues for the eighties.* Chichester: Wiley.

Short, G.J. & Grasha, A.F. (1995). The Relationship of MBTI Dimensions to Perceptions of Stress and HanteringStrategies in Managers. *Journal of Psychological Type*, 32, 13-21.

Shostrom, E.L. (1964). *Personal Orientation Inventory.* San Diego: Educational and Industrial Testing Service.

Smit, G.J. (1986). *Psigometrika.* Pretoria: Haum Opvoedkundige Uitgewers.

Smith, T.W. & Williams, P.G. (1992). Personality and health: Advantages and limitations fo the five-factor model. Journal of Personality, 60, 395-423.

Spangenberg, H. (1990). *Assessing managerial competence.* Cape Town: Juta & Co, Ltd.

Strümpfer, D.J.W. (1983). Executive stress. In J. Barling (eds), *Behaviour in organizations: South African prospectives,* 373-396. Johannesburg: McGraw-Hill.

Strümpfer, D.J.W. (1990). Salutogenesis: A new paradigm. *South African Journal of Psychology, 2* (4), 265-276.

Strümpfer, D.J.W. (1995). The origins of health and strength: From 'salutogenesis' to 'fortigenesis'. *South African Journal of Psychology,* 25 (2), 81-88.

Sutton, R. & Kahn, R.L. (1986). Prediction, understanding and control as moderators of the relationship between perceived stress, satisfaction and psychological well-being. *Journal of Applied Psychology,* 72, 538-543.

Thomas, C.B. (1980). Stamina: The thread of human life. *Journal of Chronical Disease,* 34, 41-44.

Ware, R., Rytting, M. & Jenkins, D. (1994). The Effect of Stress on MBTI Scores. Journal of Psychological Type, 30, 39-44.

Watson, D & Clark, L.A. (1984). Negative affectivity: The disposition to experience aversive emotional states. *Psychological Bulletin,* 96 (4), 465-490.

Verhandelings

Balch, D.E. (1977). *Personality trait differences between successful and non-successful police recruits at a typical police academy and veteran police officers.* United States International University, PH.D.

Breed, M. (1997). *Bepalende persoonlikheidskenmerke in die salutogeniese paradigma.* UNISA, PH.D.

Verster, L.G. (1993). *'n Bedryfsielkundige ondersoek na die bruikbaarheid van die Myers-Briggs Type Indicator as spanontwikkelingsinstrument.* Universiteit van Stellenbosch, MA.